



DS SE HERSTELPAD:
Van die rolstoel na loopraam, van twee kieres na een.
– Bl 4

KERK OP 'N KOPPIE:
Hiér word eredienste al lank in die natuur gehou.
– Bl 12-13



KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

13 Augustus 2021

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 207 – Nummer 2

‘Ons wankel nie in belydenis’ – Nelis

VERSLAGSPAN

Ds Nelis Janse van Rensburg het in ’n boodskap aan lidmate gereageer op “gerugte dat die NG Kerk in haar belydenis wankel”.

“Die waarheid is dat ons in ons besluite in die sinode en in ons besluite in ons kerkrade, ernstig is oor ons belydenis en besluit vir besluit uitdrukking gee daaraan dat ons staan in die tradisie waarin ons staan,” sê die moderator van die Algemene Sinode in ’n kort videoboodskap.

Dit kom na polemieke oor NG gemeente Die Strand, wat weens ’n “onafgehandelde dokument” oor hulle doleringsbesluit in die moeilikheid beland het by NG kerkleiers.

Ds Frikkie van Niekerk, die gemeenteleraar, het intussen ’n hersiene verklaring uitgereik wat hulle besluit om te doleer, herbevestig.

Kerkbode tref Van Niekerk onlangs as ’t ware tussen verlowwe aan. Die eerste verlov is kortgeknip deur ’n noodvergadering weens die bohaai wat gevolg het ná uittreksels van hulle “interne” kennisgewing aan lidmate in ’n dagblad aangehaal is. Die tweede ronde gaan hy sy foon afsit, sê Van Niekerk gelate wanneer hy instem om te ontmoet “om die lug te suiwer”.

“Ek en die kerkraad, ons is eerlik om te sê dit is jammer dat hierdie goed gebeur het. Dit is jammer dat ’n onvoltooiende interne dokument in die pers beland het. Dit was geensins ooit ons bedoeling gewees nie ...” begin dié 59-jarige oudboer en -sendeling. Van Niekerk het in 2018 as die enigste voltydse leraar van Die Strand begin werk. Vir die gesprek met *Kerkbode* ontmoet ons op ’n stil weksoggend by ’n koffieplek in Kusweg. Mussie op die kop teen die Kaapse koue, praat die leraar rustig oor die aanloop van gebeure.

Die gemeente van sowat 800 meestal ouer lidmate is een van sowat 77 wat hulle tot hierdie treurstatus wend op grond van besluite by die 2019 Algemene Sinode. ’n Doleringslys word op Kairos Netwerk (voorheen Moreleta-park Kairos Netwerk) se webblad bygehou. Die NG Kerk het sowat 1 094 gemeentes.

Die Strand se besluit om te doleer, volg na 18 maande waarin die kerkraad lidmate se kwelvrae ondersoek het, vertel hy. Dit het gelei tot “die formulering van die sewe (punte) wat ons gesien het as dwalinge wat daar buite is (en) wat nie noodwendig die NG Kerk se standpunt is nie, maar wat deur NG leraars en geleerdes geuiter word en daar word niks omtrent dit gedoen nie – dit is vir ons ’n kommer,” sê Van Niekerk.

In Julie het Die Strand se kerkraad in ’n amptelike kennisgewing aan *Kerkbode* gesê hulle verskil van die Algemene Sinode oor die 2019-besluit rakende selfdegeslagverhoudings as “strydig met die Woord van God soos ons dit glo” en sal ook nie lering uit die gidsboekie rondom 2019-besluite in die gemeente toelaat nie.

’n Nuusberig in *Die Burger* het meer detail bevat oor die teologiese afstand tussen hierdie gemeente teenoor “sewe punte van dwaalleer” van die Algemene Sinode. Dit sluit goed in soos dat jy nie hoef te glo in die maagdelike geboorte van Jesus of sy fisieke opstanding uit die dood nie. Die koerantberig, wat ook op Netwerk24 wyd gelees is, het uiteenlopende reaksie ontlok. Van Niekerk sê hy het oproepe gekry van predikante regoor die land wat hom uitskel of gelukwens, asook ’n telefoniese vermaning of twee van kerkleiers omdat hy en die kerkraad nie die “kerklike weg” sou gevolg het nie.

Ds Nelis Janse van Rensburg het op



Nuwe ‘bediening’ – Gemeente gee nou suurstof vir vele

Ds Deon Strauss en ds Willem Pretorius staan by nege van die 13 suurstofmasjiene wat die NG gemeente Proteapark tot beskikking van die hele gemeenskap van Rustenburg stel vir persone wat asemnood weens Covid ontwikkel. Heléne Meissenheimer berig op bl 16.

Foto: Verskaf


15 Julie ’n verklaring namens die moderatuur van die NG Kerk in Wes-Kaapland uitgereik: “Die aansprake wat luidens die koerantberig deur die kerkraad van hierdie gemeente gemaak word, is nie net ’n wanvoorstelling van die standpunte van die NG Kerk nie, maar dit is ook misleidend vir lidmate van die gemeente en enige leser van die berig. Trouens, daar is geen standpunt of besluit van die Algemene Sinode van die NG Kerk, of van enige ander van die deelnemende sinodes van die Algemene Sinode wat enige van die stellings wat gemaak word, ondersteun nie,” luidens die verklaring.

Die Ringskommissie van die Ring van Somerset-Wes, waaronder Die Strand val, het weer in ’n verklaring met direkte aanhalings uit verslae van die Algemene Sinodes van die NG Kerk geskryf die “Algemene Sinode bevestig nog steeds dat die Drie Formuliere van

Eenheid en die Ekumeniese Geloofsbelydennisse as norm dien vir die verstaan van sekere kernsake oor die geloof”.

Wanneer ’n mens met Van Niekerk gesels, bevraagteken hy die idee van ’n “ruim kerk”. “Baie mooi edele woorde. Wat beteken dit as die lidmaat daarna luister? Alles word nou verdra en dan begin dit so in die samelewing deurkom,” wil hy weet. “Die probleem wat gemeentes het wat doleer, is dat daar nie ’n stem is nie, daar word nie geluister na ons nie,” meen hy.

Van Rensburg se videoboodskap het veel kommentaar op www.kerkbode.co.za gelok. Daarin sê hy: “Ons glo in ’n lewende Christus wat tussen ons leef deur sy Gees wat in ons woon, en so die kerk tot stand bring, sê die Twaalf Artikels. Ons glo in die opstanding van die liggaam. Ons glo in die ewige lewe. Ons glo in gebed, ons glo in die krag van gebed.”



Die kategeese van môre. Beskikbaar vandag.

Geloofsvorming in 'n tyd soos hierdie sal altyd 'n kombinasie van aanlyn en aflyn wees. Jeugfokus se volledig geïntegreerde kategeseprogram vir alle gemeentes van alle groottes is beskikbaar by missio.org.za. Jeugfokus gee aan kategete toegang tot aanlyn aanbiedersgidse vir al die ouderdomsgroepe, hulpmiddels vir afstandkategeese en gespreksgidse vir die jongmense. 2022 se inhoud is binnekort beskikbaar.

Beplan vir 2022. Onderzoek dit gratis.

Stuur 'n e-pos aan info@missio.org.za en toets dit vandag.

BM
Bybel-Media

www.bybelmedia.org.za

Lindenpark se pad na 'n 'nuwe manier van kerkwees'

NG gemeente Lindenpark se kerkgebou is verkoop. Hulle leraar, ds Christo Naudé, vertel aan HELÈNE MEISSENHEIMER hoe hulle tot dié besef gekom het dat hoewel pynlik dit die regte skuif is.

“Daar is baie hartseer by sommige ... van ons lidmate is hier van die begin af ... maar realiteit is ook deel van 'n mens se menswees. Covid het vir ons kom sê jy kan nie vashou aan iets nostalgies nie,” begin Naudé, leraar van Lindenpark vir die laaste 12 jaar.

Toe ds DPM Beukes die hoeksteen vir die kerkgebou op Centraallaan 16 in 1963 gelê het, was daar baie Afrikaanssprekende gesinne in Linden, 'n noord-westelike voorstad van Johannesburg. Elke 2 km is daar 'n Afrikaanse kerkgebou en daar was 'n uitsluitlik Afrikaanse hoërskool.

Die Linden van vandag sien daar baie anders uit. SA-venues.com beskryf dit as die stad se 'best kept secret' met mooi huise, restaurante, kunsgalerye en art deco-winkels.

Soos die gebied meer kosmopolities geword en al meer Afrikaanse gesinne uitgetrek het, het die lidmaattal (en inkomste) van Lindenpark-gemeente ongelukkig ook gekrimp. Dié wat oorgebly het was ouerwordend en/of het vergebly. Daar was ook nie 'n VGK naby om mee te herenig nie.

“Ons het al van 2016 af met hierdie ding geworstel,” sê Naudé. Lidmate het nie, en kon nie meer bydra tot die finansiële posisie van die gemeente nie. Teen April verlede jaar, na alle kerkbyeenkomste stopgesit is tydens die grendeltyd, was die kerk in 'n finansiële krisis.

Ná 'n beroep op die gemeente, het daar met 'n deurry-kafee meer as R80 000 ingekom wat tydelike verligting gebring het, maar dit was nie standhoudend nie. Eredienste, nadat kerke kon heropen, is swak bygewoon en min kollektgeld is ingesamel. Teen September is die gemeente by 'n gemeentevergadering ingelig die kerk se

finansies is benard.

“Die voorstel op die tafel was toe dat ons die kerkgebou op die mark bring, om te sien watter aanbiedinge ons kon bekom. Die kerkraad sou dan die hoogste aanbod oorweeg en, indien dit aanvaarbaar sou wees, dit aanvaar,” luidens 'n gesamentlike verklaring vanaf Naudé en die kerkraad.

Die hoogste aanbod uit drie aanbiedinge is in Desember aanvaar. Netwerk24 het berig die ontwikkelaar Renico het bevestig hy het die gebou gekoop met die oog daarop om in 2022 te sloop vir die oprig van deeltitel-behuising.

“Tydens die reis van die besluit om die gebou te verkoop tot die finale besluit om die aanbod te aanvaar, moes die kerkraad deurentyd hulle vergewis van die teologiese gronde hiervoor. Ons moes die hele tempel-teologie, waar God die tempel betrek en heilig, wat voortvloei uit die tabernakel-teologie in die woestyn saam met Moses en die volk Israel, dekonstrueer aan die hand van die koninkryk van God wat groter is as die tempel.

“Die dekonstruksie van die kerkgebou as huis van die Here het ons gelei na die koninkryk van God wat baie groter as die kerkgebou is. Met die koninkryk van God het ons ook die missionale gedagte dat die kerk nie noodwendig mense innooi nie, maar by voorkeur, uitgaan na die mens op die markplein, begin ondersoek,” verduidelik Naudé.

In Februarie is 'n 40 dae-fokus gehou wat die missionale roeping van die gemeente bevestig het.

“Ons het tot die slotsom gekom na baie gebed en bestudering van die Bybel – dat Lindenpark se fondse (moet) vloei na nood en die kerkgebou is staties. Die fondse gaan uit en die kerkgebou nooi om in te kom,” sê Naudé.

Daar is na twee missionaalgerigte gemeentes uitgereik – 'n versoek waarop Fontainebleau-gemeenskapskerk, 'n gemeente met ongeveer 1 000 lidmate, gou positief geantwoord het.

“Ons het na Fontainebleau-gemeente



Die lidmate van die gemeentes Lindenpark en Fontainebleau leer reeds mekaar ken in gesamentlike eredienste en ook by geleenthede soos hierdie optrede deur Joe Niemand.

Foto: Verskaf

gekyk, want hulle bied reeds die uitgaan na die markplein as deel van hulle bediening aan ... Dit was vir ons een van die belangrikste sake waarvoor ons moes besluit, naamlik dat ons onder geen omstandighede net aangaan soos ons gewoon was dat die gemeente kerk 'doen' nie. Ons moes uitgedaag word om buite die gewone te gaan bedien. Die dissipel van Jesus gaan ... nooi nie 'kom' nie,” verduidelik Naudé.

Fontainebleau is 'n vennoot van Beterereinders, die nasiebou-organisasie sonder winsbejag wat uit hulle gemeente ontstaan het en spesifiek Afrikaanse mense help ten opsigte van rekonsiliasie en restitusie met projekte wat enigiets insluit van gate in paaie vul tot sokkerwedstryde in townships.

“Ons deel ook in Lindenpark se hartseer oor die verlies en stap 'n pastorale proses met hulle leierskap,” antwoord ds Tom Smith en De Villiers (Fielies) van der Merwe, voorsitter van die kerkraad, per e-pos.

“Dit is 'n onseker pad, maar in geloof stap ons die pad en kom agter soos wat ons stap word die pad vir ons gebou, waarop ons moet loop. Soos wanneer jy in die moderne mall instap en die deur toe is, maar wanneer jy jouself daartoe verbind om in te stap, skuif die deur

oop en jy kan deurgaans, nie voor die tyd nie,” sluit Naudé af, self nog onseker wat hierna die volgende stap op sy eie lewenspad is, want as Lindenpark ophou bestaan as gemeente kom sy pad met hulle op 'n end.

Die twee gemeentes hou reeds saam eredienste en Lindenpark se Sondag-skool het al by Fontainebleau s'n ingeskakel. In Junie het Fontainebleau se kerkraad eenparig Lindenpark-gemeente se versoek om eenwording aanvaar. Die sinodale kantoor staan ook die twee gemeentes in hierdie proses by.

Dit blyk dat Lindenpark/Fontainebleau se proses 'n uitsondering kan wees. Navorsing wat einde verlede jaar deur die Taakspan Navorsing gedoen is, dui daarop dat hoewel die inkomste gedaal het by byna 'n derde van die gemeentes wat aan die peiling deelgeneem het, die meeste predikante (90%) meen hulle gemeentes behoort die pandemie te kan oorleef. Volgens dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die algemene sinodale moderamen, dui terugvoering van die verskillende sinodes daarop dat die samesmelting van gemeentes nie 'n tendens is wat met die pandemie vereenselwig kan word nie. Samesmeltings tussen gemeentes wat plaasgevind het, is pre-covid.

Kerkbode se beriggewing oor die 'herophou' van KZN en Gauteng het groot belangstelling gelok by www.kerkbode.co.za. Kliek op NUUS op ons webwerf as jy meer wil weet of betrokke wil raak.



KVK: HOE GEMEENTES EN LIDMATE KZN EN GAUTENG WEER HERBOU

Indie verlede week se plunderdoggie is dit nou bonale van mense wat uitm opwe, wag swaer, kopsaakies uitbrei of vragte vir benodigde voor-aanry, wat in mens se hart ontroer, bring...

STRATEGIE VIR KZN RAMPFONDS

Die Sinode van KwaZulu-Natal se Sinodale Welwone Leierspan (SIL) het op Maandag 19 Julie op 'n strategie besluit oor hoe die KZN rampfonds bestuur gaan word. In 'n spesiale Podcast-nuustref is...

'n Muur van vuur om Kleinmond-dominee

JACQUELINE LEUVENINK

In Julie vanjaar gaan sit ek enkele treë van 'n wonderwerk af. Dat dr Chris Malan (55), leraar van die NG gemeente op Kleinmond, leef om oor sy pad met Covid-19 te kan praat, is niks minder as dit nie. Hier is sy storie:

Ondanks al sy pogings om die virus vry te spring, toets Chris op 18 Januarie, vyf dae voordat hy sy seun Christiaan met Tilana Benadie in die huwelik sou bevestig, positief vir Covid-19. Op Vrydagoggend 22 Januarie vertrek hy per ambulans na Hermanus Mediclinic. Sy vriend, ds Hendrik Saayman, kom bid eers vir hom in die ambulans en lê hom die hande op. Die volgende dag word Chris in die hoësoorgeenheid opgeneem.

Christiaan en Tilana se wittebroodreëlins is getref, en die datum is reeds op die trouinge gegraveer. Chris vra Hendrik om die jong paartjie in die Saaymans se huis op Kleinmond te trou. Hy lê nou op sy maag met die CPAP- asemhalingsmasjien wat soos 'n seekat aan sy gesig kleef.

Maar op Kleinmond is die feestafel in die huis teenaan die see pragtig gedek en die jonge bruid is op haar mooiste getooi. Die Malans se dogter, Lize (23), plaas Chris se Jerusalem sandale teen die kateder se voetstuk en sê: "Pa Chris moet net op 'n manier ook hier wees."

Later daardie aand praat die internis weer met die ma van die huis, Mientjie (54), oor die telefoon. Hy wou die

oggend aan hulle voorgestel het om nie met die troue voort te gaan nie. "Jou seun se troudatum en sy pa se sterfdag kan tog nie dieselfde wees nie..."

Vyf dae later word Chris in 'n geïnduseerde koma geplaas. Nog twee dae later oorleef hy, steeds in die koma, 'n massiewe hartaanval. 'n Bloedklont wat deur die virus aangebring is, het deur sy hart gegaan.

Toe val sy regterlong plat. Die dokters reken dis die einde. Van die energieke prediker met die breë glimlag wat tennis speel en draf, is daar geen teken meer nie. Op 'n foto uit daardie tyd herken jy beswaarlik die man met die ingevalle wange.

Dit is 'n uitgemergelde Chris wat op 12 Februarie uit die koma kom. Hy ervaar intense angs en magteloosheid. Sal hy ooit weer kan beweeg? Die medici besluit om hom na Vergelegen MedClinic in Somerset-Wes oor te plaas.

"Daar aangekom, red hulle die derde keer my lewe met 'n briljante ingrype," vertel hy. Tydens 'n longoperasie word die korse afgeskraap wat weens die virus se aanslag gevorm het. Die absesse in sy long word oopgebreek en gespoel.

Kritiese spierverswakking laat Chris nie toe om 'n enkele ledemaat te beweeg nie. Die man wat in Grieks en Hebreeus onderlê is en flink gebaretaal met dowes kan praat, maak klikgeluide met sy tong om sy versorgers se aandag te probeer trek. Hy is te swak om selfs die klokke

te druk.

"Maar dit is mense-engele wat my omring," vertel hy.

Iewers later stoot die personeel sy bed uit. Hy lê onder lowergroen jakarandas en 'n helderblou lug. "Ek wens ek kan iets van die blou lug met my saamneem binne toe," dink hy.

Die eerste keer dat hy self kan praat en weer regop sit om te eet, is sy nekspiere so verswak dat sy kop byna in die bord hang. "In hierdie hel van pyn, angs, eensaamheid en totale weerloosheid is dit die beeld van 'n verguisde Christus wat my telkens vertroos," vertel hy.

"Elke keer as hulle my met die dreineringspype en al moet omdraai of bad, is dit 'n foltering. Toe die fisioterapeut my begin mobiliseer, kan ek nog geen ledemaat beweeg nie. Maar die wil om te oorleef, om weer te lééf, is daar."

"Elke liewe keer as ek na Hom uitroep, kom dié woorde uit Sagaria 2 na my toe: 'Ek sal 'n muur van vuur om jou wees.'"

Die gesinsbediening by sy gemeente op Kleinmond stuur 'n boks vol briefies, en Mientjie pak granate in die vensterbank as 'n herinnering daaraan dat die Here se troue liefde elke môre nuut is.

Op 24 Maart word 'n angiogram gedoen en 'n stent word in die slagjaar aangebring voordat hy twee dae later vir rehabilitasie na Spescare in die Strand oorgeplaas word. Hy vertel: "En ek is bang ek kan nie doen wat hulle van my verwag nie. Alles herinner my aan al die



Vlnr: Lize, Christiaan, Mientjie en Chris.

funksies wat ek verloor het."

Agt-en-sewentig dae nadat hy hospitaal toe is, op 9 April, keer Chris vol dankbaarheid terug huis toe. Gaan die hondjies hom darem nog herken?

'n Skare geliefde vriende wag hom in die straat voor die huis in. Daar is geel strikke aan die bome en 'n groot banier waarop staan: *Welkom terug! Ons loof en prys die Here vir jou!*

Die emosionele opbou is nietemin net so moeisaam soos die fisieke ongemak, en die mediese rekeninge stroom in. "Maar die Here sorg. Elke liewe keer."

Van die rolstoel vorder Chris stadig na 'n loopraam, later twee kieries, en toe net een.

Op 1 Junie kom hy wankelrig op sy voete. Hy kan sy pligte versigtig begin hervat.

Jy sien hulle deesdae gereeld in Kusweg oefen-stap – die branders aan die een kant en die berg aan die ander kant. Met die Here se muur van vuur steeds om hulle.



Die internis het 'n diep gesprek met Chris.



Die internis het nie gedink dr Chris Malan gaan oorleef nie.



Voor sy ontslag uit Spescare in die Strand het hy 'n boks vol briewe van die gesinsbediening in sy gemeente ontvang. "Elke môre wanneer die gordyne op 'n nuwe dag oopgetrek word, herhaal ek Psalm 118: 'Dit is die dag deur die Here gemaak, laat ons daarin juig en bly wees,'" vertel Chris.



Jaco Strydom gesels met **De la Harpe le Roux**

Ontdek nuwe hoop op ou plekke

“**G**ee jou hart vir Hillbrow,” sing Johannes Kerkerrel. Moeder Teresa het dikwels wanneer mense haar sou raad vra oor wat hulle met hulle lewe moet doen, geantwoord: “Go find your own Kolkata!”

De la Harpe le Roux is iemand wat dit *actually* gaan doen het. Iemand wat ’n stad gekry het om sy hart voor te gee. ’n Dominee wat sy Kolkata gevind het – met al die pyn en passie en die aksie en frustrasie wat daarmee saamgaan.

Terwyl ons gesels merk ek op dat veral twee temas oor en oor herhaal. Sy passie vir Jesus en sy passie vir mense in nood. Hy glo dat jy nie jou lewe vir Jesus kan gee sonder om dit ook vir die wêreld te gee nie.

De la Harpe is in die Karoo gebore, op Colesberg, sy pa was op daardie stadium ’n dominee op Noupoot. Hulle het heelwat rondgetrek in sy kinderjare, onder andere vir ’n tyd lank in PE in die Oos-Kaap en Pinetown in KwaZulu-Natal gewoon. Hy was in graad ses toe hulle uiteindelik Bloemfontein toe trek. Min het hy geweet watter enorme rol dié plek in sy toekoms sou speel.

Sy lewensverhaal is deurspek van paradoks en *beautiful* ironie.

Hy was byvoorbeeld destyds die junior burgemeester van Bloemfontein, dieselfde stad waar hy vandag sy lewe gee vir die statuslose mense waarvan die meeste snags op straat in die middestad slaap.

En om die kroon te span, is De la Harpe se basis die bekende Tweetoringkerk, ’n belangrike baken in die geskiedenis van Bloemfontein, die NG Kerk en die Afrikaner.

Vandag is dit straatmense, vroue vasgevang in prostitusie en ander mense in nood uit ’n verskeidenheid van kulture wat Sondae die kerkbanke van Tweetoringkerk vol sit. Hulle is sy gemeentelede, die mense saam met wie hy gereeld nagmaal gebruik, saam met wie hy Bybelstudie hou en aanbid en soek na antwoorde.

Die bediening se naam is Torings van Hoop.

Ek vra hom waar alles begin het?

Hy sê, die Here het hom hard afgebring aarde toe.

De la Harpe het nog altyd ’n groot pligsbesef gehad, eintlik reeds van sy skooldae af. “Ek wou na skool ’n luitenant in die valskerm bataljon word en gaan veg as elitesoldaat om SA teen die kommuniste te gaan verdedig,” vertel hy.

Maar dinge het gou skeefgeloop. Hy breek sy been tydens die basiese diens-



De la Harpe le Roux, hier by die nagmaaltafel, se lewensverhaal is deurspek van paradoks en beautiful ironie.

Foto: Jaco Strydom

pligopleiding en op 3 Mei 1989 is hy in ’n motorongeluk buite Vredefort. Vir maande lank lê hy onder andere met ’n gebreekte rug in die Militêre Hospitaal en worstel met God. Hy vertel van ’n gesprek met ’n kapelaan wat in daardie tyd ’n groot invloed op sy denke gehad het.

“Daarna gaan ek met my rugstut Pretoria toe en skakel in by Kruispad Koffiekring se straatwerk, en beleef hoe die Here met my op pad is. En leer dat die gawes wat die Here my gegee het, nie vir die ‘wonderlike naam De la Harpe le Roux is’ nie, maar vir die Here gebruik moet word.”

Jesaja 41:13-14 is ’n teksvers waaraan hy vashou en wat ’n groot invloed op sy lewe het: “Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ék help jou. Moenie bang wees nie, al is jy niks meer as ’n wurm nie, Jakob, al is jy klein, Israel. Ék help jou, sê die Here jou Verlosser, die Heilige van Israel.”

Ons gesels oor die invloed wat mense op ons lewenspad het en ek vra hom uit oor die persone wat die grootste rol gespeel het in die vorming van sy denke.

“My pa, my vriend, my voorbeeld, my rolmodel oor hoe om as dominee te leef,” sê hy. “Ek sal nooit sy positiewe reaksie vergeet, toe ek hom op 12-jarige ouderdom vertel dat ek ook nou ’n kind van God is, nadat ek vir die soveelste keer my hart vir die Here gegee het nie. Ook Brian Sweetlove – my mentor hier in Bloemfontein. Hy het my begelei en goed laat lees wat my verstaan van geroepheid en wat dit beteken om as kind van God te leef radikaal verander het.”

Behalwe vir sy bediening by Torings van Hoop in die middestad, is De la Harpe ook al vir baie jare by die Teologiese Fakulteit op Bloemfontein betrokke as deeltydse dosent.

As dit moontlik sou wees, wat sou hy sê vir die jong De la Harpe, die teologiestudent van destyds? vra ek.

“Dat hy vroeër verryk moet word deur randfigure: teoloë, aktiviste, *human rights* idealiste. Gouer meer kritiese vrae oor die kerksisteme begin vra en nie so lank wag dat slegte ervarings jou lei om die sisteem te wantrou en bevraagteken nie,” sê De la Harpe.

Hy is iemand wat homself dikwels in die spanning bevind van lief wees vir

die kerk en gefrustreerd wees met die kerk – veral die groter sisteme. De la Harpe raak soms erg negatief en krities, maar aan die ander kant vertel hy graag van individue en gemeentes in die omgewing wat op die grond betrokke raak en help.

Wat is sy droom vir die kerk?

“’n Gemeenskap waar almal, ongeag wie jy is of waar jy vandaan kom, welkom en tuis voel; ’n gemeenskap wat onvoorwaardelik leef vir die Here, sy Woord en die liefdesgebod ernstig opneem; ’n gemeenskap wat passievol is om die Woord in te drink, in die dieptes van die Woord te delf en met mekaar te deel, en die Woord onvoorwaardelik te leef – sodat die wêreld kan glo,” sê hy, en ek dink by myself: mag die ou se passie aansteeklik wees, mag die goed wat hom ontstel meer mense ontstel en sy droom vir die kerk in ons tyd waar word.

Mag meer mense soos De la Harpe hulle eie Kolkata ontdek en dit ook reg kry om nuwe hoop te bring op ou plekke.

► *Ds Jaco Strydom is verbonde aan die NG gemeente Villieria in Pretoria en die Echo-jeuggemeenskappe.*

Hoor jy die afstand-honger grom?

As kerkkoerant is *Kerkbode* dubbeld bewus van 'n soort grommende afstandhonger tussen mense in Suid-Afrika.

Ons het in Julie ons verslaggewing toegespits op gemeentestories van hoop omdat dit weliswaar nuuswaardig is hoe mense saamstaan en pes en plundery die hoof bied.

Maar die vet weet, verdelende politiek binne een van die mees ekonomies ongelyke lande in die wêreld tesame met die verskynsel van dolerende gemeentes versterk die gevoel wat 'n mens kry van nog 'n groot storie: Dié van 'n sterk behoefte aan wegstaan van mekaar – 'n behoefte aan *distancing*. Ook onder NG lidmate. Weg van die liberale klomp. Weg van die *woke* spul. Weg van die konserwatiewes. Weg van die vromes. Weg van die sondaars.

“(Ons) is ernstig bekommerd en hartseer oor die stand van sake in die kerk en die samelewing, en het daarom 'n besluit geneem dat ons nie met die 2019- en ander besluite van die Algemene Sinode, wat strydig is met die Woord van God, saamstem of dit in hierdie gemeente sal leer of sal toelaat dat dit geleer word nie,” skryf die kerkraad van Die Strand-gemeente onlangs in *Kerkbode*.

Hierdie gemeente is die jongste op die lys van 77 dolerende gemeentes wat op <https://kairosnetwerk.net> gepubliseer is en bygewerk word. Terwyl die NG Kerk altesaam sowat 1 000 gemeentes het, is 'n gesonde joernalistieke benadering om nie net kwantitatief nie maar ook kwalitatief na data te kyk en te luister na die stemme vanuit alle geleedere. Ons sal daarmee voortgaan (bl 1). Maar wat meer kan ons as redaksie doen, wonder 'n mens?

(On)gelukkig is ons nie die enigste land wat sukkel met diep verdeeldheid nie. In die VSA werk organisasies soos StoryCorps aan projekte soos One Small Step wat gemik is op die teenwerk van veral politieke polarisering.

Einde Julie skryf prof Peter T Coleman 'n interessante stuk getiteld “The way out of toxic polarization”. Coleman, 'n professor in sielkunde en opvoedkunde by Columbia Universiteit, gee basies vier wenke vir dialoog.

- Clarify your intentions.
- Start local.
- Complicate your life.
- Take a hike.

Die eerste twee sal 'n mens maklik verstaan en die laaste het te make daarmee dat dit glo help om fisiek saam te beweeg; iets te doen, nie net weerskante van 'n lessenaar te sit en tande wys vir mekaar nie.

Die derde punt was vir my interessant en ek haal Coleman aan oor wat hy daarmee bedoel: “When you find yourself feeling completely disdainful of them – the members of the other tribe – and absolutely certain they are dead wrong on most issues, then it might be time to complicate your life. That is, to seek out people who hold opposing views from you on important issues, but whom you feel are smart, decent and well-informed. Thinking with them can help you see things anew.”

Indien dit steeds te teoreties klink, is daar voorstelrae in 'n gespreksgids vir diegene wat in die taal van die StoryCorps-projek “een klein treetjie” wil gee in die rigting van versoening. Hierdie vrae lui as volg:

- Is daar iets rondom my oortuigings waarmee jy verskil, maar steeds respekteer?
- Voel jy ooit dat mense wat verskillende oortuigings as jy koester, jou verkeerd verstaan?
- Bekommer jy jou ooit oor hoe mense wat jou oortuigings deel, praat met ander?
- Wat is jou vrese en kommer oor die land se toekoms?
- Het jy al ooit twyfel ervaar in jou politieke oortuigings?
- Het jou politieke oortuigings al jou verhoudings met vriende en familie beïnvloed?

Nuttige wenke uit die smeltkroes van post-Trump Amerika?



Om met liefde te stik

Die naat van 'n kledingstuk is dikwels onsigbaar, totdat 'n rafel lostorring, Nate wat 'n klomp laslappies so plus-minus bymekaar hou loop kruis en dwars deur ons samelewing, vlak onder die oppervlak.

Gewoonlik word daar vir 'n kind wat aan 'n rafeltjie in sy trui begin torring, gesê: “Nee Boeta, los, jy gaan jou trui bederf.” Indien Boeta lank genoeg torring, gaan hy geen trui meer hê nie. Die nate in sy trui, net soos dié in ons samelewing, bestaan uit mensgemaakte steke wat voortdurend onderhoud benodig eerder as wat daar aan hulle getorring word.

Die een plek waar 'n samelewing se rafels wys en nate sigbaar word, met ander woorde waar die lyne wat ons aan mekaar bind en ook uitmekaar hou wys, is in rituele. Skrywers benut hierdie waarheid graag in hulle boeke. So skryf Ronald Grimes in sy boek *Fictive ritual* dat fiktiewe wêreld, soos dié in storieboeke, heiligdomme is waarbinne ons rituele kan herverbeel. Rituele in storieboeke kan 'n mens, anders as in die regte lewe, “pause”. Jy kan terugblaai, langer in 'n seremonie vertoef en gebeurde bedink terwyl dit gebeur. 'n Leser kan 'n bruid herhaaldelik in die paadjie laat afloop of die kis 'n tweede keer laat sak. Soos wafferse antropoloë wat veldwerk doen, is lesers gelyktydig binne- en buite-stander in die verhaal. En soms, tydens so 'n fiksionele rondwandeling, wys rafels en nate tussen die deelnemers en besef 'n mens opnuut hoe almal in die land aanmekaar gestik is en waar die nate lostrek.

By troues en dope en verjaardae kan dinge uitrafel, maar niks klop rituele by die dood nie. Dit is tydens begrafnisse waar deelnemers die hardste probeer keer dat some wat losgeraak het nie wys nie, maar waar opgekropte emosies en wrokke wat oor jare tot Enakskinders gegroei het, lostorring en uitrafel totdat die fiksionele ritueel, soos in die regte lewe, gereeld uit sy nate wil bars. Dit is egter presies hier waar ons ook besef hoe broos alles is, hoe maklik iets wat oor jare en met sorg aanmekaar gestik is, in 'n oogwink losgetorring kan word. Fiksie wys die faksie.

Skrywers werk graag met onewewigtigheid, want dit is in 'n leser se wese om te smag na ewewig en aan te hou lees totdat daardie be-

hoeft bevredig is. Daarom word klimaks en ontknoping sekuur teruggedhou. Wanneer dit by die dood in fiksie kom, is daar die onewewigtigheid wat met die sterfte saamgaan, wat geplaas word op die reeds bestaande onewewigtigheid waarmee die plot werk. En wanneer 'n ritueel soos 'n begrafnis dan uitgevoer word, sit die Suid-Afrikaanse begrafnisgangers daar, soos Damon Galgut hulle in sy nuutste roman *The promise* beskryf: “... the rainbow nation, a mixed and motley mongrel assembly in the church today, restive and ill at ease, like antagonistic elements from the periodic table.”

Dit is weer 18 Julie, oudpresident Nelson Mandela se verjaardag, en ons land brand te midde van gelaagde onewewigtigheid – 'n uitgerekte oorgangstyd na demokrasie, 'n pandemie, armoede en ongelykheid, 'n ander oudpresident in die tronk. Oor die laaste dekades het soveel mense so hard gewerk aan verhoudings (nie almal nie, maar baie het wel), maar nou lyk sake sleg. Dit is tye soos hierdie wat dit goed is om 'n heiligdom te besoek wat ons kan help om onself te herverbeel.

The promise is 'n neutvars Suid-Afrikaanse fiksionele heiligdom. Dit is boonop vol sterfgevallen en ook doderituele wat ons kan help om in hierdie dae opnuut na onself te kyk en die nate te sien wat daar tussen die mense van die land loop, nate waaraan baie mense met moeite en sorg gestik het. Die rafels wat nou regoor die land wys en nate wat begin lostrek, lok verskeie reaksies uit: Party wil soos Boeta gaan torring totdat elke laaste naat lostrek; die meerderheid reik egter vir 'n naald en gare, want ons het net die een trui en ons almal moet hom dra.

In elk van die vier hoofstukke van *The promise* is 'n sterfgeval 'n meegaande ritueel. Eers is dit Ma wat voor haar dood terugkeer vanuit Afrikanernasionalisme en -godsdienste na haar Joodse wortels. Sy kry dan ook 'n Joodse begrafnis en tydens die diens kry haar jongste dogter haar eerste maandstone. Galgut skryf self hoe dit wys dat bloed dikker as water is en hoe onmisbaar 'n ma kan wees. Ja, ons sal mekaar gas gee hier ter plaatse, maar sit ons ons voete 'n aks buite ons landsgrense en alle Suid-Afrikaners is in 'n diepe verbonden-

heid, soos Jode en soos Afrikaners en ma's en dogters, oor enige etniese nate heen.

Dan sterf Pa, wie se begrafnis met die 1995 Rugby Wêreldbekereindstryd kan bots. Hy kry dus nie sy voorkeurtyd nie, dit behoort aan sport, maar wel sy plek, 'n graf op die plaas. 'n Laaste rusplek op die plaas is iets wat die plaaswerkers van dieselfde plaas nie beskore is nie. Ons het wat tyd en ruimte aanbetref gevorder, maar ons is ongetwyfeld nog onderweg, dit bly steeds 'n lang pad.

Daarna is dit Astrid, Ma en Pa se oudste dogter, wat 'n pragtige Katolieke begrafnisdiens kry. Op die oog af verloop die ritueel naatloos. Die voorste twee draers van haar kis is haar huidige man en haar eks-man, alhoewel iemand anders veel eerder kon gedra het. As bekeerling tot die Katolisisme het sy gebieg, maar nog nie absoluut gekry nie. Waarheen sy tydens haar dodemis dus op pad is, is 'n ope vraag. Wie kan oordeel en die eerste klip optel om na die kis te gooi?

Die laaste om te sterf is Anton, die oudste en enigste seun. Die leser verneem dat hy 'n alternatiewe afskeidsdiens sou gehaat het. Juis daarom gee sy weduwee vir hom graag 'n alternatiewe afskeidsdiens. Hy was 'n jongman vol belofte, maar helaas. Anton is uiteindelik soos duisende ander jongmense wat hulle lewe in hierdie land haat en hulle begrafnisse sal verpes.

Al wat van die gesin van vyf oorbly is die jongste dogter, Amor. Dit herinner aan Paulus, wat hy skryf oor wat uiteindelik bly. En teen die einde, na almal dood is, omhels Amor en Salome, die gesin se huishulp van al die jare. Dit is 'n roman vol galgehumor en speelkniediep in die harde realiteite van ons geknelde land af. Sommige lesers sal sê geloof en hoop is in hierdie storie ses voet ingespit of vanuit 'n urn uitgestrooi in die wind, en tog, teen die einde van die verhaal is dit Amor en Salome, liefde en vrede, wat mekaar omhels.

Tussen die Suid-Afrikaners wat hou van raas en torring, is daar ook soveel Amors. Stil, haas sigbaar, maar besig met naald en gare by die rafel in die nate van ons samelewing.

► Prof Cas Wepener doseer *Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch*.



Geseënd is die verwerptes

In die uitstekende dokumentêre reeks *Devilsdorp* (2021), speel Goddelike uitverkiesing 'n belangrike rol in die verhaal. Die groep waar rondom die gebeure afspeel noem hulleself *electus per deus*, Latyn vir "uitverkies deur God". Goddelike sanksionering word vir die geweld wat deur hierdie groep gepleeg word, gegee – want in hulle stryd teen boosheid is alles geoorloof en alles geregverdig. Ook wraak, ook moord.

Dit herinner aan 'n klassieke argument van die Amerikaanse letterkundige en filosoof Regina Schwartz, in haar boek *The curse of Cain* (1997), waarin sy skryf oor die gewelddadige nalatenskap van monoteïsme, oftewel geloof in een God. Die verhaal van Kain se moord op sy broer Abel (Gen 4:1-16) speel 'n kernrol in haar argument dat monoteïstiese gelowe berus op die dinamika van insluiting en uitsluiting.

Die verhaal van die eerste broers wat ons teëkom in die Bybel is ook, argumenteer sy, die verhaal van die eerste moord waarvan ons lees in die Bybel. Kain, die eersgeborene, is 'n saaihoer. Abel, Kain se jonger broer, is 'n veehoer. Kain se offer van die vrug van die grond vind nie guns by die Verbondsgod nie, maar Abel se offer van sy eersgeborene veediere (se vet) wel. Die verhaal bied

egter geen verduideliking waarom Abel se offer bo Kain s'n (ver)kies word nie.

Die broers se onderlinge wedywering, God se kantkiesery en Goddelike voorkeur, en Kain se teleurstelling en woede jeens sy uitsluiting uit God se guns (en jaloesie, weens sy broer Abel se insluiting as ontvanger van God se guns) lei uiteindelik tot moord. Kain, die eerste moordenaar, word ook die eerste verwerpte. Alreeds in hierdie verhaal sien ons hoe die politiek van insluiting en uitsluiting werk, naamlik dat insluiting en uitsluiting 'n geweldsiklus ontketen, skryf Schwartz, veral wanneer God en Goddelike guns daarby betrek word.

Tog, vra sy, sou 'n mens kon wonder waarom God Kain se offer hoegenaamd verwerp. Wat sou gebeur het indien God ook Kain se offer aanvaar het, en daarmee eerder samewerking as wedywering, en waardering eerder as jaloesie, onder die broers gekweek het? Watter soort God kies een offer bo 'n ander, en sluit daarmee sommiges in en ander weer uit? vra sy.

So 'n God is 'n monoteïstiese God in 'n tweeledige sin, skryf Schwartz: Dit is 'n God wat nie net absolute lojaliteit teenoor God alleen vereis nie, maar wat ook aan slegs een van die twee broers sy guns gee. En dit, meen Schwartz, is 'n tema wat ook in ander verhale in Genesis teëgekomp

word, onder broers (dink aan Jakob en Esau, byvoorbeeld), maar ook onder susters (dink aan Ragel en Lea, byvoorbeeld). Daar kan, binne hierdie verhale, slegs een ontvanger van (Goddelike) guns wees. Dit is hierdie genadeskaarste wat tot heelwat drama – afguns, wedywering, leuens, bedrog – in hierdie verhale lei.

Ons is goed vertrouwd met die God van Abraham, Isak, en Jakob; die God van Sara, Rebekka, en Ragel; die troue Verbondsgod wat Godsgenade en Godsguns aan die uitverkorenes gee.

Maar wie is die God van Esau, die een wat deur sy eie broer bedrieg word? Of die God van Ismael, die kind wat Abraham eers wil hê, en dan weer nie wil hê nie? Of die God van Kain, die verwerpene, wat verwerp word deur God en wat vanuit sy gevoel van verwerpenheid sy jonger broer vermoor? Wie is die God van die verwerptes?

In die Nuwe Testament ontglim ons nie hierdie vraag nie, want ook aan die hart van die kerk – in die dissipels se midde, in die persoon van Judas – kom ons 'n karakter teë wat oënskynlik nié hoort in die kring van Goddelike uitgesoektes nie. Ons lees immers dat Judas Christus verrai, dat Judas deurgaans aan die hand van sy Godsverraad onthou word, en dat hy uiteindelik ook vervang word as dissi-

pel deur Mattias (Hand 1:12-26).

Daarom is dit opvallend dat gereformeerde teoloë die verkiesingsleer sou veranker in die Christologie, en dat daar 'n geleidelike verskuiwing sou wees vanaf die uitverkiesing op grond van Goddelike dekrete (die idee dat God vooraf bestem watter individue verkies word en verwerp word) na verkiesing in Christus, die (enigste) uitverkorene van God.

Dit is egter Karl Barth wat 'n verdere tree sou gee binne hierdie argument, om nie net Christus as (enigste) Verkorene van God te beskryf nie, maar ook as (enigste) Verwerpte van God. Christus, sou Barth argumenteer, dra die volle gevolge van Godsverwerping aan die kruis, en deurbreek daarmee die logika van Goddelike insluiting en uitsluiting; daardie nimmereindigende siklusse van geweld wat berus op wraak en vergelding. Christus is Godskind wat opgeoffer word ter wille van die genade aan die verwerptes, wat eens en vir altyd daardie siklusse van geweld deurbreek, want Godsgenade mond altyd uit in verkiesing, nie verwerping nie – selfs in verwerping.

Geseënd is die verwerptes.

► *Dr Nadia Marais doseer Sistematiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch en is lid van die moderatuur van die Wes-Kaapse Sinode.*

Van 'n 'wit kerk' na 'n kerk met 'n menslike gelaat'

Om te praat oor ras en rassisme kan ongemaklik en selfs verlamend wees, veral vir wit mense, skryf LOUIS VAN DER RIET.

Die onlangse geweld en onrus in ons land bied 'n uitnodiging vir lidmate van die NG Kerk om opnuut saam te leer oor ras en versoening. Die Versoen Leergemeenskap, 'n beweging wat onlangs deur die Wes-Kaapland Sinode se Taakspan vir Ras en Versoening begin is in samewerking met die Algemene Sinode (AS) se Taakspan vir Versoening en Identiteit, is besig om te leer waarom ons eksplisiet oor ras en witheid moet bly leer.

Dit word nou wyd erken dat die oorsaak van die onlangse onluste en geweld veel meer as 'n politieke agenda was. Dit het deels uiting gegee aan Suid-Afrikane se desperaatheid wat nie net deur die Covid-19-pandemie veroorsaak is nie, maar deur dekades van neerdrukkende ongelykheid, armoede, hongersnood en werkloosheid. Waarom moet ons dan steeds bly fokus op ras?

Hoewel temas soos versoening, sosiale kohesie en kerkeenheid (wat dikwels as die lakmoestoets vir versoening beskryf word) al vir minstens 30 jaar op die agenda van die NG Kerk is, praat ons nie maklik oor hoe ons as Christene deur ons wit, Afrikaanse identiteit gevorm is nie. Ons sien wel dat ras en ras-

sisme deel bly van ons publieke diskoers, en selfs toeneem. Dit is nie net die geval in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd. Om te praat oor ras en rassisme kan ongemaklik en selfs verlamend wees, veral vir wit mense. Tog kan hierdie stemme wat veral fokus op die pyn en swaarkry wat met ras gepaardgaan vir ons wegwysers wees in ons taak as vredemakers. Ons hoef sulke stemme nie af te wys as rasseverknogtheid wat ons bedreig nie. Dit bied 'n geleentheid tot 'n nuwe, gedeelde menswees.

Dit laat ons as wit, Afrikaanse, NG lidmate dalk met die vraag: Wat kan wit Christene dan doen as ons verantwoordelikheid vir hierdie pyn en geskeidenheid wil neem? Wat kan ons doen om vordering te maak met versoening en te beweeg, soos prof Klippies Kritzinger dit al in die 1980's beskryf het, "van 'n wit kerk na 'n kerk met 'n menslike gelaat'?"

'n 2019-opname onder predikante en proponente jonger as veertig wys daarop dat die identiteit van die NG Kerk steeds gekenmerk word deur haar verlede. Al word die roeping en identiteit van die NG Kerk oorwegend as missionaal beskryf, erken respondente dat ons kerkverband gekenmerk word deur 'n (eksklusiewe), etniese identiteit – 'n kerk vir wit, Afrikaanse mense.

Daar is wel hoop, maar ook heelwat werk wat vir my generasie voorlê. Re-

spondente het versoening as 'n kernroeping en -prioriteit van die NG Kerk gelys, tog wys dr Cobus van Wyngaard (by die AS se Taakspan Navorsing) in sy verhelderende ontleding van die data vir ons op 'n belangrike spanning tussen hierdie roeping, en waarmee gemeentes tans besig is. Volgens hierdie gemeentelid, word hierdie roeping steeds uitgeleef in daad van liefdadigheid en barmhartigheid, en nog nie as gelyke vennote in hulle plaaslike gemeenskappe wat saam werk aan geregtigheid en die aftakeling van strukture wat ongelikheid in stand hou nie.

Ons sal saam moet bly leer oor hoe om hierdie roeping konkreet, kreatief en met groter verbeelding uit te leef, veral as ons die blywende geweld en onrus in ons land wil aanspreek.

Die Versoen Leergemeenskap wil saam leer oor hoe gemeentelidmate bemagtig kan word met die nodige geloofsgewoontes (kapasiteite en kennis) om brúe te bou in 'n diverse samelewing. Ons leer dat ons hiermee kan begin deur voortdurend meer bewus te word van hoe ons gevorm en bevoorreg is as wit, Afrikaanse, lidmate van die NG Kerk. Op hierdie manier kan ons meer eerlik wees oor ons beweegredes om betrokke te raak by versoening – en selfs die transformasie in onself en ander dieper begryp.

Ons wil graag voortbou op slypskole

wat reeds ontwikkel en in die Wes-Kaap aangebied is. Nog 'n teken van hoop was dat daar met Lydenstyd vanjaar 'n groep van 70 predikante en lidmate uit verskillende streke saam 'n virtuele 'pelgrims-tog van versoening' aangepak het. Kleiner groepe het weekliks saam gesels oor materiaal wat ontwikkel is. Die klem het geval op verskillende bewegings van versoening (soos om te luister na verskillende werklikhede, om met weeklaag te sit, of om te leef in vergifnis), asook die werklikhede van hoe ras uitspeel in ons verskillende kontekste – nie slegs in ons persoonlike en gesinslewe nie, maar ook in ons gemeente en kerkverband, ons land, en die konteks van die breër, wêreldwye samelewing. Dit was 'n geleentheid om juis in Lydenstyd saam te ontdek wat dit beteken om belydend en met waagmoed die historiese kruise op te neem wat met wit-wees gepaard gaan.

My generasie se vermoë om te kan versoen – om tuis te kom in ons eie vel, en saam met ander – sal heel moontlik ons grootste uitdaging bly vir die kweek van die soort leierskap en spiritualiteit wat ons land nou nodig het. Kom ons leer saam hoe om ons roeping van versoening uit te leef.

► *Dr Louis van der Riet is die sameroeper van die Algemene Sinode se Taakspan vir Identiteit en Versoening en lid van die Wes-Kaapland Sinode se Taakspan vir Ras en Versoening.*

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Ongeregtigheid: Jesus gee vir ons nuwe perspektief

JG de Bruin van Durbanville skryf:

Elke dag op pad klas toe kom ek van aangesig tot aangesig met een of ander vorm van ekonomiese ongeregtigheid (ek dink Jesus sou gefloreer het in Suid-Afrika) en ek besef gereeld dat dit nie net ek is wat daagliks met hierdie realiteit getref word nie.

My kar is net een van baie wat tydens spitsverkeer verby dieselfde hawelose ry en ek is net een uit die meerderheid wat niks daaraan doen nie. Ek troos maar myself met die gedagte: "Jy kan ongelukkig nie almal help nie." En elke keer herinner die Jesus binne my dat ek (soos gewoonlik)

besig is om die punt heeltemal te mis. Classic Jesus, Hy gee nie regtig vir my enige oplossings of antwoorde nie, Hy herinner my maar net dat myne verkeer is.

Die woord "ekonomie" kom van twee Griekse woorde (oikos en nomos) wat saam beteken "om 'n huishouding te bestuur". As ek tans kyk na Suid-Afrika se ekonomiese omstandighede sou ek sê dat ons nie besig is om ons huishouding baie goed te bestuur nie. Maar wat kan ons doen, ons is mos nie die bestuurders nie?

Gelukkig het ons nie nodig om deel van die probleem te wees om deel van die oplossing te wees nie. In dieselfde

asem, ons is meer deel van die probleem as wat ons dink.

Jesus gee vir ons in Matteus 6:22-23 'n nuwe perspektief op ons probleem: "Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie!" Wat Jesus vir ons sê is dat ons iets gaan moet doen aan ons oë. Hoe kyk ons na die ongeregtigheid in SA? Sien ons diewe, rondlopers, ongeletterdes en luiaards of sien ons mense met minder geleenthede wat kom uit swakker omstandighede wat (net soos ek en jy) probeer om te

bestaan tussen al die chaos? Ons oë is nie veronderstel om soos 'n venster te funksioneer wat lig inlaat nie. Ons oë moet funksioneer soos 'n lamp sodat ons die dieper pyn kan raaksien (verw Dion Forster, 2007).

As ons op soek is na geregtigheid gaan ons, in teenstelling met ons huidige bestuur, vir mense moet gee wat Christus vir ons gegee het aan die kruis – genade: iets wat ons nie verdien nie. Sonder genade kan geregtigheid nie geskied nie (vra maar vir Jesus). Dit is moeilik, want ons kan nie almal se koppies vol maak nie. Jesus was mens en Hy kon ook nie, maar ...

Hy kon sy eie koppie leeg maak.

'NG Kerk bevind haarself in hierdie strik'

Johan Jansen van Vuuren van Noordwes skryf:

Tydens die lees van ds Mias van Jaarsveld se rubriek van 21 Junie 2021 (*Gay mensse word nog steeds gebrandmerk*) is dit duidelik dat die emosionele oproep vir hom oorweldigend was.

Hy dra dit ook baie goed oor en 'n mens kan nie anders as om deur die emosie van die artikel aangeroeer te word nie. Die onmenslike en liefdelose hantering van mense behoort uit alle orde ten sterkste veroordeel te word.

Ek het egter twee punte wat my kwel. Eerstens, die Bybel spreek homself redelik negatief uit teen die gebruik van emosie om besluite te bepaal. In Jeremia 17:9 lees ons: "Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan?"

Wat my by my tweede punt bring: Wie besluit wat is die "uitgediende teologie" waarna ds Mias verwys? As ons mense besluit watter gedeeltes van God se Woord "uitgediende teologie" is, stel ons ons eie opinies bo God se Woord, wat niks anders as (self)afgodery is nie.

Ons maak ook op onself staat, waarteen die Bybel juis waarsku. Ons kan nie dit, wat deur God bepaal is, verander nie. Sels al is daar 'n meerderheidsbesluit. Daar is 'n Engelse gesegde wat sê: "Two wrongs don't make a right". Ek vermoed dit is die strik waarin die NG Kerk haarself bevind.

Groete in Christus.

Ons 'cope' omdat ons 'n geloofsverhaal het

Ds Jannie Schuler van NG gemeente Danskraal op Ladysmith skryf:

Die onlangse plundery het soos die spreekwoordelike dief in die nag vir 'n groot deel van Suid-Afrika gebeur. Niemand kon homself

voorberei vir die dramatiese tonele van vergrype wat op die nuuskanale afgespeel het nie. Dit is seker hoe die Amerikaners gevoel het die dag toe die passiersvliegtuie in die Tweelingtorings vasgevlieg het: verbasing, angs, vertwyfeling, woede en hoeveel meer skommelende emosies.

Vir die lidmate in Danskraal-gemeente, Ladysmith, het dinge geensins anders daar uitgesien nie. Die gebeure in Mooirivier op die N3-roete, wat binne die ringsgebied van Ladysmith lê, en wat vinnig oorgespoel het na die groter stedelike gebiede van Natal, het ons ook nie onaangeraak gelaat nie. Grootse plundering het by die fabriek plaasgevind en nog groter ontwrigting op die elkedagse lewe veroorsaak wat in die onmiddellike toekoms nog met ons gaan wees.

Een van die gedagtes in Getroue Getuies se evangelisasiemateriaal wat deur prof Malan Nel aangebied word, is die uiteindelige vraag: Hoe "cope" ek? Uit die aard van die saak is dit nog te gou om hierdie vraag na behore te beantwoord.

Dit laat 'n mens dink aan die Nascar-motorwedrenne wat in die VSA plaasvind. Dié motors jaag op 'n ovaalvormige baan en dan gebeur dit soms dat 'n motor buite beheer raak en die muur tref en dat jy net oral stukke sien trek. Dit is wat met baie lidmate, mense, gebeur het. Hulle, ons, het die muur getref.

Verblydend by ons op die dorp, soos op baie ander plekke, was om te sien hoe gemeenskappe van verskillende stande en agtergronde, hande vat om sáám teen hierdie vergrype op te staan. Die tragiese wat in retroperspektief gesien word is: Waarom moet daar eers 'n krisis ontstaan voordat 'n mens sien dat geweld, stroping, plundering, nie vra of jy wit, swart of bruin is nie?

Maar ten diepste is ons in Danskraal se beginpunt: Ons "cope" omdat ons 'n geloofsverhaal het. Ons "cope" omdat

ons weet ons is op pad. En dit maak dat ons medemense kan bedien met stories van hoop wat alleen maar in Christus veranker is.

Lidmaat deel sy geloofsles uit Covid-19

Hennie Bernhardt, NG lidmaat van Dalpark, Brakpan, skryf:

As Covid-19 op hierdie stadium my enigiets geleer het, dan is dit dat ons as Christene baie beslis meer verantwoordelikheid vir ons Christenskap sal moet begin neem – meer selfstandigheid sal moet begin openbaar in ons optrede, en dit nie alles aan die predikante en ander geestelike werkers oorlaat om die geestelike letsels van Covid te hanteer nie; dat ons almal wat onself Christene noem en sê "ons glo", sal saamwerk om mekaar en ons gemeenskap te ondersteun – nie net in fisiese behoeftes nie, maar veral in ons geestelike behoeftes in hierdie tyd van ongekende trauma.

Die meeste van ons is al dekades lank elke Sondag in die kerk (of miskien nie elke Sondag nie). Ons geestelike bene behoort al sterk genoeg te wees om daareen 'n bietjie op hulle eie te kan staan. Wat maak die dominee se bene dan so sterk? Dit is nie 'n geheim nie, dit is geloof in God.

Dit is dan ook in hierdie tyd dat ons weer sal moet kyk na wat geloof is, geloof in God, bedoel ek. Is dit daardie iets waarin ek begin twyfel sodra dinge begin skeefloop, begin vra 'waar is God dan nou?', begin vra 'Here, stuur asseblief u Gees', 'Here, wees ons genadig', 'Here, gee ons hoop'? Of is dit daardie iets wat ons het, wat sodra die vyand ons laat begin twyfel, ons kan sê: 'Dankie Here, dat ek weet U is by my, dankie dat u Gees reeds gestuur is en in ons is, dankie dat ons reeds u genade ontvang het in Christus.'

Covid-19 het my weer laat gaan kyk

na wat ek sê as ek die liedjie sing: "... ek gee oor, Heer, ek gee oor aan U", met ander woorde, as ek sê ek glo. Eerstens, geloof is waar dit alles begin. Ek kan tog nie te kenne gee ek is 'n Christen en die Here by die naam roep en nie glo nie. Telkemale sê die Here se Woord vir ons: "... vir wie in Hom glo". Hoeveel keer wanneer daar in die Bybel gepraat word oor genade, seën, versorging, oorwinning, ewige lewe, word daar gesê: "... vir wie in Hom glo"?

Wat is geloof? Hebreërs 11:1 sê: "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons nie sien nie." Vers 3 sê dan verder: "Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie" (my beklemtoning). In vers 6 lees ons: "As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon." Vers 6 in die 2020-vertaling sê dit dalk nog duideliker: "Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag: Want wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié beloon wat Hom soek."

Hebreërs 11:1 sê baie duidelik geloof is om seker te wees van die dinge wat ons hoop. In die betekenis van die woord "hoop" is daar 'n onsekerheid opgesluit. As ek sê ek hoop iets gaan gebeur, of ek hoop hy sal my help, dan weet ek nie verseker of dit sal gebeur nie. Wanneer ek sê Jesus is my hoop, dan bring ek dadelik geloof in die prentjie in en as ek weet wat geloof is, kan ek mos nie van Jesus praat as my "hoop" nie, want geloof is om seker te wees van dit wat ek hoop. Met die oorwinning van Jesus het Hy sekerlik vir ons weet geword.

Dit is wat geloof in God vir my is, naamlik om te weet, nie om te hoop nie. Die onsekerheid wat in hoop opgesluit is, bestaan nie by God nie. Ek kan sê hoop het vir my weet geword, want Je-

sus het alle onsekerheid oorwin, ons bevry daarvan – vir dié wat glo. Een ding weet ek vir seker en dit is dat ek nie selfstandigheid in my Christenskap sal bereik as ek by hoop vasgesteek het nie.

Omdat ek glo, kan ek bid: Dankie, Here, dat U van al my “hope” weet, al my drome wat ek droom, ken ... Ook weet van al my behoeftes. Dankie dat ek dit alles vir U kan gee en weet dat U sal sorg dat ek net die beste sal ontvang. Here, dankie dat, al is ek siek, ook in hierdie tye van vreemde siektes wat ons bedreig en in ons nood, dit met ons goed gaan want U is by ons en U versorg ons.

Barberton trek nou ook saam by inrydienste

Magdel Coetzee van Barberton skryf:

Afgesien van lewende uitsendings op Facebook wou ons plattelandse gemeente in Barberton bymekaarkom vir eredienste nadat inperkings verminder is. Die konsep van inry-eredienste het opgekom en vlamgevat! Ons het die bul by die horings gepak en ’n radiosender bekom. Die gemeente sit heerlik en veilig in ons voertuie op ons pragtige terrein en luister op FM na die boodskap wat ds Pieter Malherbe aan ons bring, terwyl die pragtige natuur om ons saamwerk om ’n grootse atmosfeer te skep. Nagmaalsdienste is veral gewild en elke gesin voorsien hulle eie broodjie en wyn of sap. Ons het selfs kerkraadslede tydens sulke inrydienste bevestig!

Ons hoop en bid dat die huidige inperkings vinnig opgelig sal word om voort te gaan met ons wonderlike byeenkomst.

Oor die duivel en leerstellings

Arnold Griessel van Bethulie skryf:

Die invloed van liberale teologie binne die leierskap van die NG Kerk lei tot besluite wat geneem word wat in botsing kom en lynreg die inhoud van die Bybel en die kerklike gereformeerde geskryfte verdraai en/of weerspreek.

In dié verband, ter bevordering van diversiteit, neem die AS in 2011 ’n besluit rondom die bestaan van die duivel/satan waarvolgens lidmate en kerkrade hulle eie sienswyses en interpretasie oor die bestaan en aard van die duivel mag formuleer en huldig. Dié besluit word geneem ongeag die feit dat dit strydig is met die Bybel en die NG Kerk se gereformeerde leerstellinge.

Verwysings na die duivel in die belydenisskrifte: Dit is baie duidelik dat die belydenisskrifte van die drie susterskerke (NG Kerk, Ned Hervormde Kerk en Gereformeerde Kerke) die bestaan van die duivel erken. Sien:

- Nederlandse Geloofsbelijdenis, Artikels 12, 13, 14, 34, 37.

- Heidelbergse Kategismus, Vrae 1, 9, 32, 34, 112, 123, 127.
- Dordtse Leerreëls, Hoofstukke 1.7, 3.1, 4.7, 5.3, 5.4 en 5.15.

Daarom, indien predikante in die NG Kerk die bestaan van die duivel betwyfel, verbreek hulle hulle legitimasie-eed.

Die Algemene Sinode se besluit: Die volgende besluite is deur die Algemene Sinode van die NG Kerk geneem – 12 Oktober 2011

Dit is teenstrydig met die belydenisskrifte en die kerkleer.

Die Algemene Sinode verwoord die besluit, met verwysing na item 7, as volg, wel wetende dat dit Skrifgesag verontagsaam:

“7. Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar ’n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bese en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duivel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bese en duiwels anders interpreteer.”

Daar is teologiese gedokumenteerde beskrywings oor die omvang van die voorkoms en aard van die duivel/satan en bese geeste soos gevind in die hele Bybel, maar veral in die Nuwe Testament. Die AS-besluit van 2011 misken en verwerp gevolglik die belydenisskrifte ten opsigte van hierdie saak.

Verreikende implikasies van sulke afvallige besluite is dat:

- Die Goddelike outoriteit van die Skrif en Jesus se woorde daarvoor betwyfel word;
- ’n Verdere ontstaaen in die kerk tussen die gemeentelide wat hierdie onskriftuurlike besluite ondersteun en gemeentelide wat dit teenstaan. Die kloof in eenheid in geloof lei daaropvolgend tot skeuring in kerkbinding in geloof.
- Kerklike geloofsintegriteit verbreek.

Humanistiese moraliteit bepaal waardes ten koste van sola Scriptura / Bybelse etiek. Soos daaropvolgende besluite weer op dieselfde basis goedgekeur word oor selfdegeslag seksuele verhoudings/verhoudings in 2019.

’n Kerk wat nie sy eie leerstellinge wil en kan handhaaf nie, is ’n valse kerk gebrekkig aan integriteit.

- Lees die volledige Kerkorde 2011 hier: <http://ngkerk.net/dokumente/> – Red.

Soos die Israeliete

Kobus Visagie van Stellenbosch skryf:

Hierdie was my hartservaring terwyl ek met Covid-19 vir asem baklei het:

Soos die Israeliete hulle huise moes merk om besoek van die dood af te weer,

met die bloed van ’n lam, geslag en verwerk, teen die rame van deure gesmeer,

soos die Egiptenaars hulle oudstes se dood met die krag in hulself nie kon keer, moes buig voor die ewige God in hul nood om hul eie beperkings te leer ...

So word die mens vandag weer gedryf tot angstige planne teen onsigbare dood, ’n verwoestende virus wat ons wêreld bedreig laat mense wat omgee alleen en verstoot.

Die bloed van die Lam is reeds teen ons deure al is ons bestemming die lewe hierná; die bang en die vrees van nou se gebeure is lank reeds oorwin deur die kruis wat Hy dra.

Sy genade wat jare en eeue reeds daar is, ’n belofte in liefde aan almal gemaak,

die wete dat alles steeds waar is, dat Hy in persoon oor ons waak.

As Korona ons dreig of in vrees laat versteen, ons wil laat buig voor die engel van dood, is vrypraak aan ons met genade verleen, drink ons die beker, breek ons die brood.

Covid sal kom en eindelijk weer gaan, die wêreld sal steier – in vrees en verdriet, maar die ewige Rots wat by ons bly staan verdryf al ons angste – betaald, dog verniet.

Virus, waar is jou engel, en waar is jou krag?

Ons staan geanker deur sy kruis en sy dood.

So, waar is jou woede, en waar is jou mag? Ons staan gepantser in sy bloed en sy doop.

Amen.

Strand doleer: Waarom reageer moderatuur van Wes-Kaap dan so?

Dr Henrietta Klaasing van Randfontein skryf:

Die Strand se kennisgewing van dolering (*Kerkbode*, 15 Julie 2021) het betrekking.

Dit is hoogs verblydend om te lees van die dapper stap van dolering wat die Strand-gemeente geneem het. Dat dit ’n “moeder”-gemeente van die NG Kerk is wat doleer, is soveel te meer betekenisvol. Sodoende voeg hulle hulle by die steeds groeiende getal dolerende gemeentes dwarsoor die land en in Namibië.

Maar eweneens erg teleurstellend is die verklaring in *Die Burger* van 17 Julie 2021 deur ds Nelis Janse van Rensburg, namens die moderatuur van die NG Kerk in Wes-Kaapland. Daarvolgens is hulle diep verontrus oor die redes waarom die Strand doleer.

’n Mens moet hieruit aanneem dat die moderatuur horende doof en siende blind is. Huidige kerkleiers weet baie goed dat daar uit verskillende oorde oor ’n paar dekades al, kore van luide protes was en steeds is, oor liberale besluite soos in Strand-Moedergemeente se brief genoem word. Onder andere is meer as 600 bladsye opgehoopte pleitskrifte en gravamina oor al hierdie sake tydens die AS se sit-

ting in 2019 en ook na die 2015-sitting blatant geïgnoreer. ’n Mens wonder hoeveel meer daar intussen bygekome het, na die skokkende 2019-besluit aangaande selfdegeslagverbintenis (wat pertinent deur die Strand genoem word). Hiertydens is onder andere besluit dat ’n on-Bybelse “formulier” ontwikkel moet word vir verbintenis van mense van dieselfde geslag.

Die moderatuur fokus op één kwessie (Jesus se opstanding), maar laat na om te skryf of hulle die letterlike, fisiese opstanding van Jesus bedoel, of prof Julian Müller se “Jesus staan op in ons hart”. Müller se standpunt is nooit deur die NG Kerk se leierskap gerepudieer nie.

Waarom word die ander standpunte nie ook behandel nie – veral die een oor die SGV-besluit van 2019 wat pertinent in die Strand se verklaring genoem word? Of kan die Strand se ander ses standpunte nie weerlê word nie?

As daar regstellings aangaande denke en standpunte gedoen moet word (soos die moderatuur dit stel ten opsigte van die Strand se kerkraad), stel ek voor dat dit eerder aan die kant van die moderatuur gedoen moet word. Die eer van Christus (én van sy kerk) is inderdaad op die spel.

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman

E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Uitvoerende joernalis: Heléne Meissenheimer

helene@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small

E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: woes@mwweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemerking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

Anandie Greyling en Marileen Steyn kyk na die nuutste navorsing in teologie en vra: so what? Kontak Anandie by anandiegreyling@gmail.com en Marileen by marileen.steyn@gmail.com



Anandie gesels met **WESSEL WESSELS**

Wessels laat my wonder waar k

Wessel Wessels deel met Anandie Greyling sy verstaan van postkoloniale teorieë en dat ons vandag nog kolonialiseer.

As iemand wat in die laaste dekade nog aan 'n universiteit gestudeer het, is die term “postkolonialisasie” nie vir my onbekend nie. As student het ek gedink dat postkolonialisasie die reaksie op iets van die verlede is. In 'n onlangse gesprek bevraagteken ek nie net of kolonialisasie net aan die verlede behoort nie, maar ek wonder ook of ek nie dalk self vandag in 'n mate kolonialiseer nie.

Ek worstel met hierdie vrae danksy 'n onlangse onderhoud met dr Wessel Wessels. Hy het in 2020 sy doktoraat aan die Universiteit van Pretoria voltooi

met 'n proefskrif getiteld “Postcolonial homiletics? A practical-theological engagement with postcolonial thought.”

Wessels fokus in sy studie op drie hooftemas, naamlik dekolonisering van denke, verskuiwing van die sentrum en postkoloniale identiteite. Wat soos 'n string tegniese terminologie kan klink, is eintlik ten diepste vrae na hoe ons dink en wie ons is. Wessels verduidelik dat kolonialisme nie net beïnvloed wat mense dink nie, maar ook hoe mense dink. Daardie maniere van dink moet afgebreek word en heropgebou word in 'n dekoloniale alternatiewe verbeelding. Wat tel as koloniale denkwyses? Enigiets, meen Wessels, wat die menslike welsyn teenwerk.

Daarom is dit belangrik dat ons gereeld ingeligte navraag doen na wat tot

voordeel van die welsyn van die samelewing sal wees. Waar iets nie tot voordeel is nie, moet daar alternatiewe idees gerekonstrueer (opgebou) word om behulpsaam te wees tot die menslike welsyn.

Die tweede tema van die verskuiwing van die sentrum vra na wat (en eintlik wie) as die middelpunt van die samelewing beskou word. Tydens die koloniale tydperk is Europa as sentrum ingerig, maar postkolonialisme maan teen 'n enkele universele sentrum en vra eerder 'n pluraliteit van sentrums. Dit beteken dat geen enkele plek, selfs nie eens Afrika, die nuwe sentrum kan wees nie. Die oomblik wat denke net om 'n enkele sentrum (middelpunt) gebou word, is dit kolonialisme.

Om byvoorbeeld vir óf die Weste óf

Afrika te kies is ook nie postkoloniaal nie. Net so is dit nie postkoloniaal om alles wat Westers is te ontken nie. Enige iets wat dus wil voorgee of dit die universele manier van dink is, is volgens Wessels, kolonialisties. 'n Mens hoor 'n mate van waarskuwing en ernstige vermaning wanneer Wessels hierdie misverstande uitwys. Universalisme en die uitspeel daarvan in totalitêre ideologieë, sê Wessels, is “in gees nie postkoloniaal nie”.

Wessels se derde tema het te make met 'n postkoloniale identiteit. Wessels meen dat identiteite kompleks is en dat geen mens opsigself na iemand kan kyk en sê “Hierdie is jou identiteit nie”. Lewenservaring is soveel meer kompleks, verduidelik hy. Postkolonisering beweeg van identiteite as onbeweegbare



Marileen gesels met **NICO VORSTER**

Hoekom ek ook na dekolonialis

Ek was op laerskool toe ek die eerste keer die woord “gereformeerde” gehoor het. “Nederduits-Gereformeerde” was deel van my weeklikse roetine en een van die eerste woorde in my teologiese woordeskat.

Dit was eers heelwat later, iewers gedurende my studies waarskynlik, wat ek met die woord “dekolonialisasie” in aanraking gekom het. Dit was 'n abstrakte term, een wat ek nie teengestaan het nie, maar een wat in die kantlyne van my denke gespeel het.

Dekoloniasie teologie, na my beperkte verstaan, was nie vir hierdie wit meisie nie, maar eerder vir swart bevrydingsteoloë. Dit is maar relatief onlangs wat ek meer en meer begin besef het dat ek ook oor dekolonialisasie teologie moet omgee.

Wanneer ek met prof Nico Vorster

gesels, is dit juis oor hierdie twee teologieë: gereformeerde teologie en dekolonialisasie (en postkolonialisasie) teologie. Eerste goed eerste, stop ek die gesprek. Ek weet nie eens wat die verskil tussen postkolonialisasie en dekolonialisasie is nie! Postkolonialisasie teologie, verduidelik Vorster, is 'n oorkoepelende term wat na verskeie strominge, waaronder dekolonialisasie teologie, verwys. Dekoloniasie teologie kyk na die gevolge van voormalige kolonialisasie en ondersoek sogenaamde neo-kolonialisme (agterblyfsels en nuwe vorme van kolonialisasie).

Waarin Vorster spesifiek belangstel, is wat dekolonialisasie en gereformeerde teologie by mekaar kan leer. Die twee tradisies kan, meen Vorster, mekaar “se blinde kolle uitwys en hulleself en mekaar versterk sonder dat hulle noodwen-

dig oor alles saamstem.” Nie dat die twee, soos hy dadelik uitwys, natuurlike pasmaats is nie. Ongelukkig het gereformeerde teologie en kolonialisasie immers hand aan hand hulle voete aan die oewer van die Kaap gesit.

So wat kan ons as gereformeerdes by dekolonialisasie teoloë leer? Ten diepste herinner dekolonialisasie teologie dat gereformeerde teologie (en gereformeerdes) nie blind kan wees vir sy eie aandeel in die kolonialisasieprojek nie. Vroeë Calvinisme het slawerny nie genoegsaam teengestaan nie en sommige dogmas van die Calvinistiese teologie (hoewel verdraai) is op groot skaal gebruik om apartheid te regverdig.

Dekoloniasie teologie wys vir gereformeerde teologie uit dat ekstreme dogmas oor sonde sowel as geïnstitusioneerde rassisme ongelooftlike

minderwaardigheidskomplekse tot gevolg gehad het. Waar gereformeerde teologie al in die verlede dit gestel het dat mense van hulle beeldskap van God gestroop kan word, herinner dekolonialisasie teologie volgens Vorster juis dat sonde en genade altyd in balans gesien moet word.

So ook wys dekolonialisasie teologie vir gereformeerdes dat sonde nie bloot 'n persoonlike daad is nie, maar dat dit ook strukture kan beïnvloed en binne-dring. Geïnstitusioneerde rassisme, as voorbeeld hiervan, vra as teenreaksie juis vir 'n sterker klem op menswaardigheid en die *imago Dei* (die beeld van God).

Wanneer gereformeerde teologie na dekolonialisasie teologie luister, kan ons juis leer om ook die bronne van kennis en die mondelinge tradisies in Afrika

Hierdie skrywes word aangebied in samewerking met en met ondersteuning van die Taakspan vir Teologiese Navorsing (Wes-Kaap).

kolonialiseer ek

en onveranderbare entiteite na identiteite wat altyd vloeibaar en aan die beweeg is.

My kop skuif weg van die teorie na gemeenskappe en ek wonder: Kan multikulturele gemeenskappe dan gesien word as postkoloniaal? “Nie outomaties nie,” waarsku hy. Multikultureel as trefwoord kan selfs ’n koloniale sentrum en geykte identiteite verskuil. En dieselfde geld vir transformasie, sê hy. Transformasie in die postkoloniale sin poog nie net om meer diverse mense in te sluit nie, maar om ook meer diverse denke in te sluit. Ek wonder of ek hom reg verstaan en vra of ons dan steeds kolonialiseer? “Net omdat ons in ’n postkoloniale historiese tydgleuf leef,” sê Wessels, “beteken nie kolonisasie is verby nie.”

My kop is by die spreekwoordelike

kansel wat ek Sondag moet betree. Wessels se studie het immers gefokus op hoe hierdie teorie predikers kan help. So wat beteken al hierdie vir die prediking? Predikers, meen Wessels, kan met die hulp van postkoloniale teorie ’n groter bewussyn kweek van die diverse ervarings en identiteit van mense in ’n erediens. Almal is nie dieselfde nie. Selfs al is mense sogenaamd van dieselfde ras of klas (wat alles koloniale kategorieë is) is daar ’n magdom sentrums en identiteite in die kerkbanke (en voor die skerms) teenwoordig. Predikers, meen hy, moet juis met hierdie bewussyn die teks en kansel benader.

Dieselfde is waar van hoe die prediker die Skrif benader. Die verhouding tussen die Skrif en interpreteerder is kompleks. Wessels is daarvan oortuig

dat ons hierdie kompleksiteit nodig het, want net een sentrum of waarheid is gevaarlik. Inteendeel, die waarheid lê in die gesprek tussen meervoudigheid van interpretasies en gefragmenteerde identiteite – selfs wanneer dit polariserend is. Vir Wessels is dit meer as teorie. Hy vertel geesdriftig dat hierdie sy eie voorbereiding en predikingstyl beïnvloed het.

Daarom moedig hy predikers aan om nie net in hulle persoonlike lewe doelbewus verskillende en teenstrydige materiaal te lees nie, maar ook in hulle voorbereiding vir prediking op ’n Sondag. Hierdie is ’n uiters moeilike en uitdagende oefening, maar “absoluut die moeite werd”.

In ons onderhoud hoor ek ’n waarskuwing om nie te kolonialiseer nie, ’n



Dr Wessel Wessels

herinnering aan hoe kompleks die gemeente is en ’n uitnodiging om wyer as my wêreldjie te lees. Want, het Wessels my oortuig: Kolonialisering oor die algemeen (en selfs moontlik in ons benadering tot prediking) is nie noodwendig verby nie.

- Dr Wessel Wessels is ’n postdoktorale navorsingsgenoot in Homiletiek by die Universiteit van die Vrystaat.
- Ds Anandie Greyling is verbonde aan die NG gemeente Pierre van Reyneveld.

me toelogie kan luister

ernstig op te neem. Op hierdie punt staan ek spreekwoordelik kop neergebore, bewus van hoe baie ek van Europese stories, tradisies en letterkunde ken en hoe min ek van Afrika ken.

Dan kom Vorster by die punt waarby ek dink die meeste van die wit gereformeerdes vir wie ek ken (ek ingesluit) kan baat: Wit gereformeerdes moet daarteen waak om nie hulle eie Westerse praktyke van kerk-hou en kerk-wees op Afrika gereformeerdes af te dwing nie. Vergaderings, eredienste (nie die Woordverkondiging of die nagmaal nie) hoef nie te lyk soos wat “ons” dink dit moet lyk nie.

Wanneer Vorster later na die bekende gereformeerde slagspreuk: *ecclesia semper reformanda est* (die kerk moet altyd reformeer) verwys, is dit vir my die herinnering dat die manier waarop “ons”

dinge doen, ook nie altyd die manier was nie, of moet wees nie.

Vorster praat van die slagspreuk as ’n uitnodiging aan dekolonialisering teologie om ook nie net krities na buite te wees nie, maar soortgelyk krities na binne te wees en gereeld selfondersoek te doen. “Watter standpunte moet gereformeer word?” is die vraag wat Vorster by dekolonialisering teologie wil los. “Watter nuwe insigte is daar in ons standpunte?” Indien elke teologie nie hierdie vraag vra nie, loop dit die risiko om “gefossileerd en ekstreem” te word.

Verder, meen Vorster, vra gereformeerde teologie geldige vrae oor dekolonialisering teologie se Skrifgebruik en die manier waarop geweld geromantiseer is en steeds word. Terwyl dekolonialisering teologie dikwels niks met Westerse tradisies te doen wil hê nie (of

die denke bloot op die kantlyn skuif), is Vorster oortuig dat dit nie moontlik of aan te bevele is nie.

Vorster wil homself geensins as ’n dekolonialisering teoloog beskryf nie. Tog voel hy dat dit krities belangrik is om na mekaar te luister. Daar sal altyd dinge wees waarmee ’n mens nie kan saamstem nie, maan hy. Nietemin is dit belangrik om swart ervarings te leer verstaan, om te verstaan waar mense vandaan kom en om te verstaan waarteen hulle verset is.

“Hoe luister ek as ek ongemaklik voel?” vra ek. Vorster beveel aan dat ’n mens jouself en jou emosies opsy skuif om te verstaan wat die ander wil sê en watter ervarings hulle met jou wil deel. Wanneer ’n mens dit doen, kan ’n groter sensitiwiteit ontwikkel wat kan oorspoel na onderlinge kontak en kon-



Prof Nico Vorster

struktiwewer verhoudings met mekaar.

Waar ek hier sit en skryf, gaan ek verseker nie die volgende groot dekolonialisering teoloog van ons tyd wees nie. Maar ek is gereformeerd. En dit beteken dat ek altyd self-krities moet wees oor wat ek glo. As dekolonialisering teologie my kan help om dit te doen, dan wil ek luister.

- Professor Nico Vorster is sistematiese teoloog by die Noordwes-Universiteit.
- Ds Marileen Steyn is jeugleeraar by NG Saldanha.



Totsiens, Carl en Sarah. Die kerkrad van die gemeente Krugerwildtuin lê hulle vertrekkende leraarspaar, ds Carl en Sarah Louwrens, die hande op met sy demissie op die stoeptrappe by 'n buitelugdiens weens die Covid-19-protokolle. Foto: Jimmy Pressly

Unieke gemeente groet leraar na byna 30 jaar

Aanbidding saam in 'God se tuin'

Die doopvont is in 'n hardekoolstomp en die gemeente spog met die enigste pastorie in die wêreld wat in 'n wildtuin is. HENNIE VAN DEVENTER berig uit Skukuza waar 'n groot oomblik einde Februarie vir NG gemeente Krugerwildtuin aangebreek het.

Ongekende uitdagings en ontwrigting was die voorland van haas elke gemeente van haas elke kerkgenootskap in die land namate die koronapandemie sy draketande al amper 500 dae net al hoe dieper inslaan. Kreatiwiteit van kerkrade en leraars is soos nog nooit getoets, met onder meer virtuele eredienste en ander byeenkomste, kommunikasie per SMS en WhatsApp, telefoonbedienings en dies meer.

Een gemeente wat nie onverhoeds betrap is nie, is die unieke NG gemeente Krugerwildtuin in Skukuza (gestig in 1986). Dienste word in die klein gemeente (net 80 lidmate) al baie lank graag in die natuur gehou: skemeraand op die indrukwekkende Mathekenyane-granokoppie tussen Skukuza en Preto-

riuskop, langs die H1-1 suide toe, met sonsopkoms op die wal van Lake Panic met sy gewilde skuilplek by die personeeldorp en, op die Skukuza-gholfbaan. Krugerpark se mense kon eenvoudig voortgaan op 'n goed gevestigde patroon en 'n tradisionele manier van kerkhou waarvan min ander hulle iets kan leer.

Met die begin van die Covid-inperkings op 27 Maart 2020 is naatloos van eredienste binne die karaktervolle kerkie oorgeskakel tot eredienste met 'n plaat kampstoele op die groot grasperk voor die kerk waar kruiwavragte olifantmis van tyd tot tyd opgetel word, rooibokkies graag kom wei en die vlakvarke so gereeld kom dolwe dat 'n radelose kerkrad gedwing was om 'n stewige draadheining

op te sit. ('n Agtelosige vlakvarkma en haar kroos van ses is ook al binne die kerk toegesluit. Hulle eie konsternasie was dalk groter as dié van die leraar, wat ontbied is om die vreemde doef-doefgeluide te kom ondersoek.)

Al komplikasie van die gedwonge skuif na buite was wanneer die voëls in die sierlike koorsboom by die westelike ingang hulle eie koorsang aanhef; 'n vorstelike boom wat deur die nimlike Piet van Wyk, skrywer van die bekende *Veldgids tot die bome van die Nasionale Krugerwildtuin*, daar geplant is toe die kerk 'n raps oor 30 jaar gelede gebou is. Soms dwing die lewensblye veervolk selfs 'n leraar met 'n sterk stem tot 'n paar oomblikke van stilte.

Einde Februarie 2021 was vir die gemeente 'n waterskeidingsoomblik waar vele trane gestort is. Na 29 veelbewoë jare as leraar van die gemeente Krugerwildtuin het ds Carl die tuig neergelê. Vir hom en Sarah wat so deel van die landskap was soos daardie reuse-koorsboom of rooibokkies wat voor die kerk-

trappies wei, en met 'n kaleidoskoop van herinneringe – aan verwoestende vloede, die krisis van ingrypende rasionalisasie by Sanparke, roerende dienste op die Granokoppie, luiperd-aanvalle op 'n lidmaat en die seuntjie van 'n lidmaat, 'n krokodildrama by die gholfbaan, opwindende halfmaratons elke eerste Saterdag van Augustus en vele meer – het die tyd om te groet aangebreek ten einde in Pretoria te gaan aftree.

Weens Covid-19-protokolle kon ds Carl nie vir oulaas die kansel van donker inheemse hout bestyg nie. Die roerende diens is ook buite, voor die kerk, gehou. Op die stoeptrappies is die hartlike leraarspaar met 'n seremoniële hande-oplegging gegroet – 'n diep emotionele oomblik vir almal, ook al die oud-gemeentelede wat van heinde en verre gekom het om te kom deel. 'n Groter diens was daar nog nooit op daardie stuk gras gehou nie.

Drie dienste wat tradisioneel elders in die buitelug gehou word, is die Paasdiens op Palmsomdag op die Grano-

“Op die stoeptrappies is die hartlike leraarspaar met ’n seremoniële hande-oplegging gegroet – ’n diep emosionele oomblik vir almal.”

koppie, die jaarlikse sonopkomsbyeenkoms op Hemelvaart op Lake Panic se damwal en ’n lofprysingserediens op Opstandingsondag by die Skukuza-gholfklub. ’n Kerssangdiens of twee is ook al op die koppie gehou. Al die dienste – van sonsopkoms tot sonsondergang as ’t ware – is ryk aan atmosfeer en betekenis.

Paasdienste op die koppie is werklik uniek. Treffend is dit om op kampstoeltjies hoog bokant die veld te sit terwyl die nag stadig toesak, en om die Paasverhaal in lied (met kitaarbegeleiding), poësie, Skriflesing en gebed te herdenk. Aandgeleenthede op die granokoppie eindig tradisioneel met ’n piekniekete onder die sterre. Die gemeente bring opvoustoel, mandjies kos, en ietsie vir die keel. Dan word ’n hond uit ’n bos gekuier.

Die gemeente Krugerwiltuin is my en my vrou, Tokkie, se bosgemeente wanneer ons in die private natuurreservaat Sabiepark, 2 km van die Krugerhek van die Wildtuin, kuier. Op Sondagaand 16 Maart 2008 het oudkollega Herman le Roux en sy vrou Rina van Randburg die viering van Palmsondag saam met ons meegemaak – ’n spesiale geleentheid vir die Van Deventers persoonlik, omdat ons met vreugde en dankbaarheid aan ’n verbintenis van tien jaar kon terugdink.

In die Wildtuin en omstreke daal die kwik daardie Sondagmiddag skielik dramaties. Teen 17:00 kan jy die reën in loodgrys vlae uit die verte sien aankom. Die skraal windjie begin aan die sambrele ruk. Maar die Gideonsbendietjie op die koppie druk dapper deur. Met palmtakke in die hand word entjies-entjies teen die steilerige koppie opbeweeg om die gebeure van die Paastyd treffend met woord en lied in herinnering te roep.

“Ons Koning kom!” (’n lied uit die Moreleta-sangbundel op die wysie van “Ons roem u Naam”) – hoe verheffend sulke kerkliedere met kitaarbegeleiding in die naderende aand in die bos klink,

terwyl die eerste druppels jou hare nat spat, is moeilik om te beskryf. Dis ’n sielservaring.

Die koue en reën slaan hulle kake egter in. “Kerk toe,” gebied ds Carl, en daar trek ons toe met ons stoele, mandjies en wat nog. Piekniek in ’n kerk? Dit is vir die uwe een van die “eerstes” wat hy met die gemeente assosieer.

Enkele jare gelede, toe skoonseun Brent Claassens (wat vinnig ingespan is om die rol van ’n Romeinse soldaat te vertolk) en dogter Marisa teenwoordig is, daal duisende stinkbesies teen die einde op die gemeentelede neer. Hulle moet vinnig die aftog blaas en, soos ons, in Skukuza verder gaan kuier.

Aanbidding saam met die intieme klein gemeente in Duikerstraat in die boomryke personeeldorp in “God se tuin” is ’n geestelike verfrissing wat vrymoediglik by alle wilduingangers aanbeveel word. Sondae speel die gewydeheid verheffend deur jou gemoed. Dit kan nie anders nie as om jou opnuut van die wonder van die Skepping bewus te maak.

Vakansiegangers hoef nie te vrees dat hulle skeef aangekyk sal word omdat hulle nie “aangetrek” is nie. ’n Ouderling het al met kortbroek en tekkies uit die konsistorie gekom! Dienste begin om 09:00 winter en somer. Almal is welkom.

Die atmosfeer binne is behaaglik intiem, en die boskarakter is treffend. Die kerk spog met die enigste pastorie in die wêreld wat in ’n wildtuin is. Skukuza se kerkklok is een van min – dalk die enigste – wat aan ’n stuk hardekoolstam hang. Die doopvont is in ’n hardekoolstomp. Die hout, soos dié van die preekstoel, kom alles uit die Krugerpark.

Besoeke van diere soos olifante en hiënas eindig darem altyd buite die kerk en nie binne soos die vlakvarke s’n nie – net een keer het ’n hiëna by ’n kerksaamgadering om die deur geloer. ’n Olifant het al sy bolle direk onder die kerkklok kom los. Nee, ’n doodgewone gemeente is hierdie bepaald nie.



1



2



3



4

1 ’n Anderster Kerssangdiens met sonsondergang op Granokoppie in 2020.

Foto: Krugerwiltuin-gemeente

2 Op Palmsondag word die Granokoppie met swaaiende palmtakke bestyg en die Paasgebeure in woord en lied gedenk.

Foto: Hennie van Deventer

3 Op die groot grasperk voor die kerk in Duikerstraat neem die gemeente en gaste in kampstoel afskeid van hulle leraar vir 29 jaar.

Foto: Krugerwiltuin-gemeente

4 Met hulle maskers en op hulle kampstoel luister sy kudde na hulle leraar, ds Carl Lourens, by ’n buiteluugdiens in die Covid-era.

Foto: Sarah Lourens



Puik inleiding tot vroueregte

Onverskrokke vroue: Uitdagings en oorwinnings van Bybelse tye tot vandag deur Bettina Wyngaard
Uitgewer: Lux Verbi, 2021
Resensent: Rethie van Niekerk

Bettina Wyngaard het 'n besonder ambisieuse projek aangepak. Met *Onverskrokke vroue* gee sy 'n voëlvlug oor die stand van vroueregte in Suid-Afrika, telkens met perspektiewe vanuit die reg en die Bybel.

Onder hoofstukke soos die vrou en die kerk, arbeidsmark, veiligheid, familie en die openbare lewe kom 'n magdom sake op die tafel. Wyngaard bied 'n omvattende blik op die landskap en beïndruk met haar keuse van temas. Van mensehandel en seks-werk, tot ukuthwala, hutsmerkaktivisme en selfs "pienk belasting" word bespreek, dikwels met besondere respek vir die mense en kulture wat geraak word.

Treffend haal Wyngaard vir Michael Kaufmann aan: "If it were between countries, we'd call it a war, if it were a disease, we'd call it an epidemic, if it were an oil spill, we'd call it a disaster, but it's happening to women,

and it's an everyday affair. It is simply domestic violence."

Vir iemand wat wil verstaan waaroor dit gaan wanneer daar gepraat word oor vroueregte, is hierdie 'n uitstekende inleidende verwysingsbron. As iemand wat redelik goed onderleg is in hierdie spesifieke veld, het ek self ook baie by Wyngaard geleer. Ek was byvoorbeeld verstom om te lees dat die eerste swart vrou eers in Januarie 2020 suksesvol was met 'n hofbevel om eiendom van haar man te erf – en die uitvalle daar rondom.

As teoloog wou ek graag meer van die Bybelse perspektiewe lees. Wyngaard se krag lê egter by haar kennis en ervaring van die reg. Die lig wat sy werp op wetgewing – ook onlangse wetgewing – is uiters insiggewend.

Hierdie boek behoort lesers te bring tot insig, empatie, dalk selfs skok, woede en aksie. My hoop sal wees dat hierdie werk lesers sal inspireer om oor bepaalde aspekte van die onderwerp verder te lees, dieper ondersoek in te stel en mee te werk tot 'n veiliger wêreld vir almal.

► *Ds Rethie van Niekerk is predikant van Blouwaterbaai Familiekerk in Gqeberha.*

Skokkende verhale uit Middeleeue bied tog lesse vir vandag

Bloedbruide van Christus 2: Vrouemartelaars in die Middeleeue deur Jaap Durand en Verena Schoeman
Uitgewer: Bybel-Media, 2021
Resensent: Rethie van Niekerk

In die eerste *Bloedbruide van Christus* het Durand en Schoeman vertel van vrouemartelaars in die eerste drie eeue na Christus. In hierdie tweede volume word die tydperk rondom die Hervorming belig, met spesifieke fokus op Spanje (en die Inkwisisie), Engeland, Nederland en Frankryk (veral die Hugenote).

Hier word ook nie net gekyk na die verhale van vroue wat gesterf het nie, maar mense wat gely het – dus ook sake soos tronkstraf en lyfstraf. Verder vertel Durand en Schoeman relatief min individuele verhale, met 'n groter fokus op die breër bewegings van vervolging.

'n Interessante aspek van hierdie spesifieke bundel, is die rol van vroue self in die vervolging en marteling van ander. Hierdie vroue se strewende na politieke mag bied 'n goeie, ewewigtige perspektief op vrou-wees (hoewel die skrywers hulle motiewe soms – myns insiens verkeerdlik – as emosioneel probeer

weergee).

Veral die verhale van die Hugenote sal vandag vir baie Suid-Afrikaners na aan die lyf wees.

Wat egter uitstaan met die lees van hierdie bundel, die ding wat na die tyd nog by die leser bly spook, is dat hierdie oorwegend verhale is van Christene wat Christene vervolgt, martel en vermoor. Teologiese verskille en uiteenlopende geloofservarings eindig in verdagmakery, agterdog en massamoord. So word vertel van vroue wat in sakke gestop en verdrink is – weens die geestelike lieder wat hulle gesing het. Ander het weens wederdopery op die brandstapel geëindig. Nog ander het vir die Protestantse geloof dieselfde lot gedeel.

Treffend is die woorde van Teresa van Ávila, wat oortuig was dat die Inkwisisie iemand met 'n geloof soos hare geen kwaad sou aandoen nie.

Met die lees van hierdie boek, het ek die hele tyd in my agterkop gesien hoe gelowiges vandag met mekaar en met onderlinge verskille omgaan, juis in ywer vir die suiwerheid van die Christelike geloof. *Bloedbruide van Christus 2* is waarskynlik 'n deel van die kerkgeskiedenis wat ons voor 'n spieël moet lees – en moet onthou.

Hier is Andrew Murray nie net held, maar ook worstelende dominee

Andrew Murray: From spark to flame – A biographical novel deur Olea Nel
Uitgewer: Chairvaux House, 2021
Resensent: Lettie Büchner

Indien jy lus het vir 'n lekkerlees, storie-formaat biografie wat jou 'n kykie in Andrew Murray se eie soeke na 'n Geesvervulde lewe gee, is

hierdie boek aan te beveel.

From spark to flame is geskryf met Andrew Murray as die verteller, wat 'n persoonlike gevoel aan die verhaal gee. Dit is asof die boek jou help om Murray as mens beter te leer ken.

Nel brei uit oor die herlewing van 1860, wat begin het op die Aan de Doorns-plaas. Dan vertel sy in detail van die hofgedinge teen die liberales

(dit het my selfs weer Heidelbergse Kategismus Vraag 60 laat naslaan). Nel eindig met Murray se persoonlike getuigenis en beleving van sy ontmoeting met die Heilige Gees tydens die Keswick Konferensie (1882), waarheen hy later genooi word as spreker.

Hoewel iemand wat Andrew Murray se geskiedenis ken, die meeste van die inligting wat in die boek staan sal weet,

het die menslikheid van die boek my geboei. Dit is goed om Murray in die boek nie net as die held te ontmoet nie, maar as die worstelende dominee wat goed gesien, gepreek en geskryf het, maar dikwels self nie beleef het nie. *From spark to flame* het my opnuut aangemoedig om wagtend, nederig en soekend te bly leef.

► *Ds Lettie Büchner is 'n predikant by Wellington Moedergemeente.*

Bible Media's new book on children's

SIWAPHIWE KWEYAMA

Bible Media's new book on children's ministry provides a tool to guide children to a relationship with Jesus for all who engage with children, parents as well as Sunday school teachers.

There was excitement and eagerness visible on all the faces of the participants at the recent online launch of rev Mawonga Phaphile Clesi's book, *With the eyes of a child*. Bible Media hosted the launch on the Zoom platform due to the Covid-19 lockdown restrictions in place.

"We thought that as adults we had the right to teach children, but you are actually saying that the true teachers from whom we can learn a lot are children," said dr Nico Simpson, CEO of Bible Media, who introduced and interviewed Clesi during the launch. "As a publishing house, Bible Media is proud to publish this book," he said.

Clesi said his involvement with teaching young people from the Bible began when he was just a teenager. One Sunday morning their Sunday school class was without a teacher because she had gotten

married on the Saturday. He says he got up and started teaching his peers and younger colleagues "and the rest is history" as he is still in children's ministry.


The main aim and purpose of this book is to help all those involved in children's ministry to introduce Jesus to the children and make Him appear as a hero and role model to them.

Clesi further explained that teaching and imparting Christianity, Biblical values and principles are not just the job of the teacher or children's ministry leader, but a God-given mandate given

to the parents. This is because children spend only two days, more or less, in time in a year with Sunday school teachers if you put together all the lessons on a Sunday.

He therefore urges parents to take the task of teaching their children seriously as they cannot afford to delegate it to teachers only. Covid-19 further confirmed this reality as children are now mostly at home with their parents with little contact or no contact at all with teachers.

Dr Alice King, from Christian Worship Centre, introduced herself as a stu-



Dana Snyman en Nadia Marais se bestes saam gebundel

Glo-stories deur Dana Snyman en Nadia Marais
Uitgewer: Bybel-Media, 2020
Resensent: Rethie van Niekerk

Met die resensie gee ek sommer ook kennis aan al my geliefdes, dat hulle vanjaar vir hulle verjaarsdag kopieë van hierdie lekker boek gaan kry. *Glo-stories* is die perfekte geskenk, ongeag die ontvanger.

Dit is 'n boek wat opbou en bemoeidig, ideaal opgedeel sodat jy 'n kort stukkie kan lees voor jy gaan slaap – vreedsame drome gewaarborg. Of jy kan jou op 'n rustige wintersaand voor

die kaggel daarin verlekker, terwyl jou gedagtes vernuwe en jou gees verruim word.

Behalwe, dit is nie heeltemal hoe dit werk nie. Eerstens lees elke stuk so maklik en vinnig, dat jy dink: “Ek gaan gou nog 'n stukkie lees”. Dan hou jy nie op nie. Voor jy jou kom kry, is die vuurtjie yskoud en die boek deurgelees. Tog wil 'n mens lank aan elke stukkie herkou. Uiteindelik is *Glo-stories* soos 'n kunsgalery, waar jy eers vinnig deurstep en die mooi geniet. Dan stap jy weer deur, staan 'n bietjie stil, bedink wat jy sien, laat dit insak. So sal hierdie boek 'n kleinood op die

boekrak bly, om altyd weer oopgemaak en nuut gelees te word.

Glo-stories is presies wat dit sê: kopstukke en hartsake. Dit is 'n keur van Snyman en Marais se rubrieke in *Kerkbode*. Hulle vertel eenvoudige stories wat die leser nooi om dieper te kyk. Lewe en teologie word in storie en refleksie aan mekaar verbind, waar, in Snyman se woorde, “die kerklike en wêreldse mekaar op die kerkalmanak ontmoet.”

► *Ds Rethie van Niekerk is predikant van Blouwaterbaai Familiekerk in Port Elizabeth.*

• *Bybel-Media is Kerkbode se uitgewer.*

Soms kan jy eenvoudig sê: ‘Ek’s jammer.’

Notes on grief deur Chimamanda Ngozi Adichie
Uitgewer: HarperCollins, 2021
Resensent: Rethie van Niekerk

As jy die naam Chimamanda Adichie op die omslag sien, weet jy by voorbaat dat jy 'n meesterstuk in jou hand het.

Notes on grief is 'n essay wat Adichie geskryf het na haar pa se dood in Junie 2020. Natuurlik is dit tydloos, maar ook veral nou relevant. Te midde van die kollektiewe trauma van 'n voortslappende pandemie en die rou van verlies, verwoord Adichie pyn soos 'n vuishou in die maag.

Hierdie beskrywing van rou raak nou aan die pyn van Covid-19, aangesien haar pa te midde van inperkings oorlede is. Adichie verwoord pynlik hoe die afstand en onsekerheid geliefdes die waardigheid van afskeid ontnem.

Deurlopend is die brutaliteit van rou helder duidelik. “An erosion, a vile rushing of floods, leaving our family forever misshapen. The layers of loss make life feel papery thin.”

Sy skryf ook rou eerlik oor mense se dikwels lomp pogings om te troos. Haar advies: “What does not feel like the deliberate prodding of wounds is a simple ‘I’m sorry’, because in its banality it presumes nothing.”

Ek het redelik vroeg in die boek begin wonder of die Nigeriese skrywer 'n gelowige is. Dit is duidelik dat haar pa 'n gelowige was. Adichie skryf egter met 'n finaliteit wat vreemd is vir 'n gelowige. Sy eindig met: “I cannot believe I am writing about my father in the past tense.”

'n Mens moet wonder, hoe sou haar notas geklink het as sy dit vanuit 'n ewigheidsperspektief geskryf het? Sekerlik sou die brutale geweld van verlies steeds daar wees. Sy help haar leser om pyn rou eerlik te verwoord. Maar dalk sou die finaliteit ligter wees? Dalk sou daar tog 'n moontlikheid vir 'n toekomstige tyd ook wees.

Die volgende Kerkbode verskyn op 27 Augustus 2021.

Is ons medewerkers in God se sending?

Dit is die ware opdrag van die kerk! deur JNM Hartney en medewerkers
Uitgewer: CLF, 2021
Resensent: Nadine Stoffels

Ek tel die boek *Dit is die ware opdrag van die kerk!* op, vol afwagting om 'n “opdrag” te kan lees vir ons kerk in hierdie uitdagende Covid-tye.

Die skrywers fokus op die missionale opdrag waarvan ons onder andere lees in Matteus 28:18-20. God se sending word verduidelik deur hoofsaaklik die geskiedenis van die VG Kerk, asook eietydse verhale in ons Suid-Afrikaanse konteks.

Die skrywers onderstreep dat ons 'n verskil in die wêreld kan maak, as medewerkers in God se sending, wanneer gemeentes bereid is om kopskuiwe te maak in onder meer hoe ons dink oor gereformeerde, die kerk en die gemeenskap van gelowiges.

Spesiale aandag word aan diakonaat as 'n bediening van geregtigheid gegee. Kategese word beskou as 'n missionale opdrag wat nimmereindigend in die voetspore van Jesus volg. Die kerklike jaar word vernuwend beskou as nie iets wat ons jaarliks herhaal nie, maar as beloftes van Jesus Christus wat vervul word. Ek is baie opgewonde om hierdie hoofstukke te deel met ons verskillende bedienings in die gemeente, wat maklik kan dink dat hulle nie deel is van God se sending in die wêreld nie.

Hierdie is 'n tydige boek in die besonderse uitdagings van ons tyd. Ons sal moet aanpassings maak om ons missionale opdrag uit te voer. Hiervoor is *Die ware opdrag* 'n uitstekende rigtinggewer om weer te leer om na buite te werk, as gestuurdes en medewerkers van God se sending.

► *Ds Nadine Stoffels is predikant van die VGK Somerset-Oos.*

ministry also for parents

dent of Celesi because she is learning and gaining so much knowledge from his book. “The author has a practical understanding of a child’s thinking and the burden of the Sunday class teacher. We all need to get away from the idea that children are babies, they are in fact our teachers and natural eye-openers,” she said.

Rev Katlego Mehlane, a children’s pastor based in Cape Town, agreed with Celesi that one must try to involve parents. There are many ways for parents to introduce and teach Biblical principles to their children, but buying and

reading this book could be the first step.

Celesi is also the head of Bible Media’s Missions Department and principal of the Nehemiah Bible Institute, a distance theological learning institute. Simpson continued that Bible Media and Nehemiah Bible Institute are willing to work with church leaders to publish books and offer courses to improve skills and knowledge of the Christian life and Biblical understanding.

• *With the eyes of a child* can be purchased online from the Bible Media ebookshop or contact 021 864 8211.



Pastor Mawonga Phaphile Celesi.

Van bl 1

Gemeente in Noordwes bedien gemeenskap met 13 suurstofmasjiene

Van gebedsaande op Facebook en uitsaai-roudiensie tot die uithuur van suurstofmasjiene om mense aan die lewe te hou. Dit is 'n hele nuwe bediening, vertel 'n leraarspan in Noordwes aan Heléne Meissenheimer.

Die derde vlag van die Covid-pandemie het private en openbare mediese geriewe in Gauteng hard geslaan. Op plekke moes pasiënte met asemnood tot drie dae wag om 'n hospitaalbed te kry.

Ook op Rustenburg in Noordwes het al meer mense ernstig siek geword. Die twee leraars van die plaaslike NG gemeente Proteapark moes weekliks tussen hulle twee tot vier begrafnisweens

Covid hanteer.

“Die gedagte het by ons opgekom dat dit goed sal wees as die kerk oor 'n suurstofmasjien (in Engels ‘concentrator’) beskik vir lidmate met Covid wat asemnood ontwikkel,” vertel ds Deon Strauss, een van die leraars by die gemeente. Die masjien help om die pasiënt se suurstofvlak te verbeter.

Hulle oorspronklike plan was om drie masjiene (teen 'n waarde van R17 000 elk) aan te koop en beskikbaar te stel, maar die idee is so entoesiasies in die gemeenskap ontvang dat hulle teen 15 Julie nog tien masjiene bygekry het. Die hele gemeenskap van Rustenburg word hiermee bedien.

“Ons is oorweldig deur ons gemeente

se groot harte. Dankie vir elkeen wat 'n bydrae gelewer het gedurende hierdie tyd. Ons gemeente se leuse is: ‘Water wat lewe gee, maar nou kan ons sê dat die water verander het in suurstof. Ons is baie opgewonde om ons gemeenskap op hierdie manier te kan bedien,” sê Strauss.

Sedertdien hou die fone nie op met lui nie. Soos die masjiene terugkom, word hulle weer uitgeleen. Almal is heelyd in gebruik.

“Dit is 'n hele nuwe bediening saam met die aanlyn gebedsaande op Facebook, die uitsaai-roudiensie en nou ook die uithuur van suurstofmasjiene,” sê Strauss.

Sy medeleraar, ds Willem Pretorius, sluit af met: “Hoe donkerder die wêreld is, hoe helderder sal die lig van die kerk

en die kruis skyn. Hierdie masjiene doen juis dit: Lig is suurstof in 'n persoon se duistere asemnood.”

Die masjiene word slegs uitgeleen op mediese aanbeveling en NG Proteapark neem geen verantwoordelikheid vir die gebruik en die resultate daarvan nie. Daar is nie onkoste verbonde aan die leen van die masjiene nie, maar donasies is welkom.

Om meer uit te vind oor die uitleen van die masjiene kan NG Proteapark se kerkkantoor by 014 533 4028 (tussen 08:00 en 13:00) gekontak word. Of: Ds Deon Strauss by 083 627 5085, ds Willem Pretorius by 073 529 6075, Hennie de Kock by 083 417 4460 en Jaco de Wet by 082 920 8201.

IN MEMORIAM

Chris Blignaut was lig in baie se lewe

MARIËTTE ODENDAAL

Op Donderdag 8 Julie is baie van ons hier in Suid-Afrika asook lidmate van ons susterskerk in Malawi, die CCAP Nkhoma Sinode, in rou gedompel met die hartseer nuus dat die bekende oogarts van Nkhoma-Hospitaal, dr Chris Blignaut, oorlede is. Dié wonderlike oogdokter het nie net die lig van Christus uitgestraal nie, maar ook danksy sy oogwerk en katarakoperasies honderde mense weer fisies die lig laat sien.

Dr Blignaut is op 7 Desember 1931 as die oudste van drie seuns in die Barkley-Oos-distrik op die plaas Ravensfel gebore waar sy pa, Pieter Blignaut, die skoolhoof van 'n tweemanskooltjie was. Dr Blignaut sou later vanjaar sy 90ste verjaarsdag vier.

Nadat sy pa vir verdere studies na Stellenbosch is, het die gesin in 1939 na Worcester verhuis. Na 'n preek van dr WH Murray, destydse hoof van die NG Sending in Nyassaland (Malawi), voel oom Pieter geroep om sy dienste vir die sending aan te bied en die gesin vertrek vroeg in 1940 Malawi toe.

Die jong Chris Blignaut begin standerd 2 (graad 4) in die kosskooltjie vir sendingkinders op Nkhoma-Sendingstasie, terwyl sy ouers 130 km noordoos van Nkhoma op Chinthembwe begin werk. In 1944 gaan hy na Worcester vir sy hoërskoolloopbaan waar die beroemde Bun Booyens sy Geskiedenisonderwyser was. Hier raak Chris onder andere bevriend met Jan en Aalwyn, broers van sy toekomstige vrou, Delene Naude. (Min het hy toe geweet dat hy en

Delene veertien jaar later getroud sou wees!) Uit hulle huwelik is vier kinders gebore – Pieter, Maretha, Matilda en Alet. Later kon Pieter vir byna sewe jaar as geneesheer saam met sy pa op Nkhoma werk. Kort voor sy aftrede het dr Blignaut se een skoonseun, dr Johan Eloff, ook by hom aangesluit.

Nkhoma-Sendingstasie is in 1896 gestig en in 1915 is daar met 'n klein hospitaaltjie begin. Dit is algaande uitgebrei met afdelings vir chirurgie, kraam, tering en selfs op 'n stadium 'n afdeling vir melaatses. Verpleegsters- en vroedvrou-opleiding het bygekome en uiteindelik was dit die grootste hospitaal in die sending. Onder andere het dr Renaldo Retief ook 'n oogafdeling daar begin.

Dr Blignaut het in 1956 op Nkhoma begin werk waar hy vir baie jare die superintendent van die hospitaal was. Sy belangstelling in oogwerk lei daartoe dat hy by meer as een geleentheid verdere opleiding ondergaan. In 1964 verwerf hy 'n Diploma in Oftalmologie in Londen en in 1973 kwalifiseer hy as oftalmoloog aan die Universiteit van Kaapstad. Danksy die katarakoperasies wat hy en sy bekwame span uitgevoer het, kon jaarliks meer as 2 500 pasiënte weer sien. Hyself raak ook wyd betrokke by die ontwikkeling van oogwerk elders in Malawi en by die opleiding van Malawiërs daarvoor. Hy was ook voortdurend betrokke om die primêre gesondheidsorg en gesinsbeplanning in die land te bevorder.

Dr Blignaut was ook die medestigter van die PHAM (Private Hospital Asso-

ciation of Malawi) wat in 1965 as organisasie van kerkhospitale van verskeie denominasies gestig is. Die naam is later verander na CHAM (Christian Health Association of Malawi). Dr Blignaut was vir meer as dertig jaar hierby betrokke en het dit as een van die ligpunte in sy loopbaan beskou.

Vandag word dr Blignaut veral onthou vir die feit dat hy hierdie oogafdeling help ontwikkel en uitbou het tot die grootste en bekendste in Sentraal-Afrika. Sy merkwaardige bydrae op hierdie gebied het aan hom in 2001 die Humanitarian Award ('n bronsmedalje) van die Oftalmologiese Vereniging van SA besorg.

Na sy aftrede in 1997 kom woon hy en sy vrou in die Strand, maar hy bly op allerlei maniere betrokke by oogwerk. Onder andere, op versoek van 'n voormalige kollega op Nkhoma, dr Frans Krige (toe streeksdirekteur van die Departement Gesondheid), doen hy vanaf 2002 oogklinieke twee dae per maand in die hele Overbergstreek.

Sedert 2001 het hy ook vir etlike jare jaarliks saam met die bekende ooguitreikspan na Mosambiek gegaan waartydens hulle dan in minder as 'n week gemiddeld tussen 700 en 800 oogpasiënte sou ondersoek. Die meeste van hierdie mense is dan van brille voorsien en 70 stokblindes (as gevolg van katarakte) is geopereer en kon daarna weer sien; iets wat hierdie mense natuurlik nooit kon vergeet nie.

En nou is die stem van hierdie rotsvaste man met die sagte, blou oë stil ... En tog ook nie, want danksy sy aan-



Een van die mees merkwaardige sendelingpionierdokters in Malawi, dr Chris Blignaut, het onlangs op byna 90-jarige ouderdom gesterf. Op die foto is dr Blignaut besig om 'n pasiënt tydens een van hulle ooguitreike in Mosambiek te ondersoek.

Foto verskaf

grypende outobiografie, *Deur die oog na die hart*, wat hy in 2003 die lig laat sien het, hoor ons sy stem nog duidelik.

Sedert verlede week stroom huldeblyke van oraloor in. Een van die vorige moderators van die CCAP Nkhoma Sinode in Malawi, ds Chatha Msangaambe, se boodskap lees: “We have lost a true Malawian; grew up at Nkhoma; got wedded at Nkhoma; retired at Nkhoma. All through the eye of a needle!! Fare thee well, Chris! One of us from the rich soil of Madetsa. The eyes that healed many eyes have closed. The hidden secret of Nkhoma Hospital fame has faded. Welcomed in heaven by many whose deaths he sweetened with words of hope. Maso ndi, maso ndi, Khristu* with the eyes of the Optician. Fare thee well, Chris!!”

* Letterlik “oog tot oog” (aangesig tot aangesig) met Christus – 1 Korintiërs 13:12.

Bronne: Blignaut, CJ. 2003. *Deur die oog na die hart*; Pauw, CM. 2012. “Dr CJ Blignaut of Malawi – A brief review of his life and work” (Ongepubliseerde artikel).

VERSTAAN die Bybel

Moet ons uit Genesis 4 aflei dat God die aanhitser van geweld is?

FANIE CRONJÉ

Gedurende verlede maand is Suid-Afrikaners oor die algemeen, maar gemeenskappe in KwaZulu-Natal en Gauteng in die besonder, gekonfronteer met die werklikheid van ongelykheid, magsug, vandalisme en geweld.

Onder die vernietigende omstandighede het talle inwoners getuig van medemenslikheid, van gemeenskappe wat oor grense heen saamstaan en mekaar op verskillende maniere ter wille is.

Ek het nie voldoende inligting of kennis om dié gebeure objektief, krities en op 'n oorwoë wyse te beoordeel nie. Soos talle ander waarskynlik, het ek wel genoeg insig om te besef die gebeure het as konteks onder meer 'n komplekse, gefragmenteerde, ongelyke, brose en ge-

welddadige Suid-Afrikaanse werklikheid.

Die eerste gewelddadige berig in die Ou Testament vind ons in Genesis 4. Dié hoofstuk veronderstel dat daar reeds heelwat mense op aarde was en is bedoel om iets oor die oorsprong en aard van geweld te verduidelik. Die neo-Assiriese ryk was, so weet ons onder meer op grond van die getuigenis van argeologiese vondste, in die ou Nabye Ooste berug om hulle gewelddadigheid. Israel is gedurende dié tyd soos nooit voorheen in hulle geskiedenis nie, met geweld gekonfronteer. Dalk weerspieël Genesis 4 iets van dié konteks. Deur Genesis 4 direk na die skepping- en tuinverhaal te plaas, wil die samestellers van die Tora vir ons sê dat geweld van die begin af onlosmaaklik met menswees in verband staan.

Die soms byna onvertaalbare dele in Genesis 4 is dalk 'n aanduiding van hoe die skrywer sukkel om 'n greep op die verskynsel van geweld te kry. Die teks laat dit klink of Kain twee pa's gehad het. Adam is sy aardse vader, maar hy is onlosmaaklik aan God verbind. Genesis 2 getuig ook van die feit dat mense uit die stof kom, maar dat God sy asem of gees in ons geblaas het. Wanneer Kain moord pleeg, word hy van God en mens vervreem.

Abel se naam hou verband met die Hebreeuse woord vir "damp/mis/aseem/nietigheid", 'n woord waarmee Prediker 1:2 ook begin. "Asempie" (Abel) is 'n "broer" (ook dus 'n medemens) vir Kain. Behalwe dat mense aan God en die aarde verbind is, is ons dus ook in ons broosheid aan mekaar verbind. Ons broosheid word in besonder sigbaar in die ongelykheid in

die wêreld – Abel en sy offer word aanvaar, maar Kain en sy offer nie. Genesis 4 sê ons is nie almal gelyk nie. Dit is die werklikheid van menswees.

Moet ons uit Genesis 4 aflei dat God die aanhitser van geweld is? Ek dink nie so nie. Die teks vertel dat God Kain met die werklikheid van die daaglikse menslike ervaring konfronteer, naamlik dat die lewe onregverdig, onvoorspelbaar en vol ongelykheid is. Volgens Genesis 4 spruit geweld uit Kain se onvermoë om met die ongelykheid in die lewe in die reine te kom. Let egter op, God maak hom nie los van Kain, verwerp hom, of laat hom aan sy eie lot oor nie. Meer oor geweld en God wat nie vir Kain los nie, in 'n volgende bydrae.

► Dr Fanie Cronjé is medeleraar by NG Kerk Lynnwood in Pretoria.

TERUG NA DIE TOEKOMS

JOHAN VAN DER MERWE

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het in 1986 besluite geneem wat vir daardie tyd ingrypend was. Met die aanvaarding van *Kerk en samelewing* het die kerk die teologiese ondersteuning van apartheid finaal gegroet. Daar was veral drie besluite wat die kerk in beroering gehad het.

Paragraaf 270 het gelui: "Die lidmaatskap van die Ned Geref Kerk is oop," terwyl paragraaf 273 dit duidelik gestel het dat "eredienste en ander byeenkomste toeganklik is vir alle besoekers wat begeer om in gemeenskap met ander gelowiges na die Woord te luister."

Oop lidmaatskap en oop deure het beteken dat die NG Kerk nie meer 'n kerk eksklusief vir wit Afrikaners was

nie. Die sinode het ook in paragraaf 305 verklaar dat 'n beleid wat tot diskriminasie (apartheid) gelei het, in die lig van die Skrif en die Christelike gewete onaanvaarbaar was en as sodanig afgewys moes word. Die kerk het verder bevestig dat hy alle vorme van onderdrukking en diskriminasie veroordeel. Reaksie op hierdie besluite was fel. In Junie 1987 het die NG Kerk in die woorde van prof JA Heyns van die donkerste oomblikke in sy geskiedenis ervaar toe die Afrikaanse Protestantse Kerk gestig is en meer as 120 000 lidmate die NG Kerk verlaat het.

Vyf en dertig jaar later leef ons in 'n tyd waarin die NG Kerk opnuut uit verskeie oorde van rassisme beskuldig word. Miskien is dit nodig dat ons me-

kaar weer herinner aan die besluite van 1986 en aan die groot prys wat in 1987 betaal is. Boonop is daar talle verhale wat die teendeel bevestig. So 'n verhaal het hom 'n paar weke gelede in die ooste van Pretoria afgespeel toe die die Wapadrandsubstasie wat die hele ooste van Pretoria van krag voorsien, op Saterdag 17 Julie uitgebrand het. Enorme skade het duisende huishoudings in duisternis gedompel. Die krisis is vergroot deur baie mense in die gemeenskap wat weens die Covid-19-pandemie van die huis af werk. Die NG gemeente Tygerpoort, wat 'n groot kragopwekker en veselinternet het, het die Maandag fasiliteite gratis beskikbaar gestel vir enige persoon uit die gemeenskap wat krag en internettoegang nodig gehad het. Gratis

pannekoek en koffie is ook bedien. Die gemeente het ook die Sondag- en Maandagaande kos en koffie bedien aan die tegniese spanne wat sedert die Saterdag-aand onverpoos gewerk het om die skade te herstel. Die impak wat dit gemaak het, word bevestig deur 'n brief van dank deur die uitvoerende burgemeester van Stad Tshwane waarin hy onder andere skryf: "Ons is ongelooflik dankbaar vir die ondersteuning van die gemeente wat die moraal van die spanne op die grond enorm versterk het."

Miskien het die besluite van 35 jaar gelede tog gelei tot oop harte en oop hande in 2021.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

Oop lidmaatskap en oop deure lei 35 jaar later tot oop harte

In pas met die lewende God

LOURENS BOSMAN

In die afloop van die onluste in KZN en Gauteng het ek 'n paar keer gehoor dat lidmate sê: "Waarom is die NG Kerk afwesig? Ons sien *Gift of the Givers* op televisie, maar die kerk is nêrens."

Hierdie persepsie is gelukkig nie die waarheid nie. Die kerk was nie nêrens nie, die kerk was van die begin af betrokke by die nood en *Kerkbode* het ook hieroor berig. Vir die media is dit egter nie eintlik nuus as die kerk betrokke raak by nood nie. Dit is net nuus as dit buitengewoon is, en die NG Kerk is in elk geval altyd, direk of by wyse van die maatskaplike dienste, in die gemeen-

skap betrokke. En bly ook betrokke lank nadat die televisiekameras weg is.

Die kwessie is nie of die NG Kerk hulp verleen nie, ons is uitstekend om in krisis te help. Die vraag is: Moet ons dit aan die groot klok hang?

Iemand het 'n klompie jare terug vir my gesê: "Ek weet die Bybel sê jou linkerhand moenie weet wat jou regterhand doen as jy barmhartigheid bewys nie, maar julle vat dit darem te ver." Hiermee het hy na Jesus se Bergpreek verwys. Ek het intussen baie daarvoor gedink.

Jesus sê ook in daardie gedeelte dat as jy goeie daade doen om deur mense geëer te word, is dit jou volle beloning

Laat jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie

en "is daar vir julle geen beloning by julle Vader in die hemele nie" (Matt 6:1). Nou weet ek nie van jou nie, maar ek wil eerder my beloning van die Here as van mense ontvang. Daar is selfs 'n geestelike dissipline van geheimhouding wat daarvoor gaan dat 'n mens goeie daade doen sonder om vir enige iemand daarvan te vertel.

Die saak het egter ook 'n ander kant. Net soos wat slegte daade aansteeklik is, is goeie daade ook. Ek laat my nie vertel dat alle mense wat by plundery betrokke was, kriminele is nie. Waarskynlik het baie net gesien: "O, dit lyk my dit is wat ons nou doen. Ons gaan haal inkopies. Almal doen dit."

Net so het die beelde van mense wat hulp verleen en opruim weer ander geïnspireer om deel te word daarvan. En Jesus sê ook dat ons lig só voor die mense moet skyn dat hulle ons goeie daade kan sien en ons Vader in die hemel kan verheerlik.

Lyk my daar is tog wel ruimte om goeie daade in die openbaar te doen. Ons motivering is egter anders. Dit is nooit dat mense ons daarvoor sal eer nie, maar dat hulle die lewende God se goedheid sal raaksien en moontlik ook geïnspireer word om self goed te doen.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

NG KERK DE AAR**LERAAR KONTRAKPOS**

Ons nooi gelegitimeerde persone om aansoek te doen vir bogenoemde pos. De Aar is geleë in 'n plattelandse omgewing in die Noord-Kaap. Die gemeente bestaan uit 450 beledende en 96 dooplidmate. Lidmate is eensgesinde, toegewyde mense wat nadink oor die betekenis daarvan dat ons geroep is om "Strome van lewende water" vir mekaar as gemeente en ons omgewing moet wees.

Twee aftreoorde is geleë in bedieningsgebied van gemeente. Ruim pastorie beskikbaar.

Sluitingsdatum: 20 Augustus 2021.

Kontakpersone: Cassie Wait, tel 082 859 0890
Madeleine Hattingh, tel 053 631 2892
Kantoorure: 8:00 tot 12:00, Maandag tot Vrydag.

Epos u CV na: ngkerkdeaar@gmail.com

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoek te maak nie.

**Om te adverteer in Kerkbode, kontak Hanlie Raath:
Sel: 072 357 8914. E-pos: woes@mweb.co.za**



**VAKANTE POS: TUTELA (Voormalige CMR) GESINSORG
KANTOOR DELMAS, POSVERWYSINGSNOMMER: TD01**

SENIOR MAATSKAPLIKE WERKER

Pos beskikbaar:

Die geskikte kandidaat moet beskik oor ervaring en vaardigheid in al die velde van Maatskaplike Werk.

Tutela funksioneer as 'n Christelike, geloofgebaseerde, kerklike organisasie. Die suksesvolle kandidaat moet haar/homself kan vereenselwig met en kan werk binne die etos en karakter van die organisasie.

Minimum vereistes:

- Graad in Maatskaplike werk.
- Geregistreer wees by en jaargelde betaal vir 2021/22 by die Raad vir Maatskaplike werkers (SACSSP).
- Beskik oor eie vervoer.
- Taalvaardigheid in AFRIKAANS. Engels as 2de taal sal tot u voordeel wees.
- Beskik oor 10 jaar ervaring in Maatskaplike werk.
- Rekenaar- en tegnologievaardig wees.
- Gemaklike met openbare optredes.
- Goeie verhoudings kan bou en kreatief en innoverend kan dink.
- Beskik oor goeie fisiese en geestelike gesondheid.
- Gewillig wees om kwaliteit dienste te lewer aan alle rasse en geslagte en ouderdomsgroepe.

Ervaring:

- Goeie assessering kan doen en dienste kan lewer aan alle kinders en families.
- Terapeutiese vaardighede sal tot u voordeel wees.
- Ervaring en vaardighede in Groepwerk.
- Ervaring en vaardigheid in Gemeenskapontwikkeling en Gemeenskapswerk
- Bewese ervaring in voorkomende-en vroeë intervensiedienste.
- Moet oor vermoë beskik om in span te kan saamwerk en netwerke te kan bou met alle rol spelers binne die sisteem.
- In staat wees om vrywilligers op te lei en in te span.

Aansoek:

- Aansoek op die voorgeskrewe vorm voor 31 Augustus 2021.
- Aansoekvorm en ander inliging is beskikbaar by:
 - E-pos: mari@tutela.org.za
 - Tel: 079 871 9545
- Aansoek moet volledig voltooi word en 'n Curriculum Vitae en alle relevante dokumente soos versoek in die aansoekvorm moet aangeheg word.

Algemeen:

- Die werkgewer behou die reg voor om nie die pos te vul nie.
- Geen aansoekdokumente sal herroep word nie.
- Salaris en werknemervoordele volgens Tutela Salarisskale en beleid
- Indien u geen terugvoer ontvang binne twee weke, aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.
- Geen aansoek (CV) sal oorweeg word wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie.

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE**Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen
by lida@tydskrifte.co.za****NG KERK**

AANVAAR: Ds André de Villiers van Kathu na Val-leisig; ds Derick Claassens van Rensburg (Heidelberg) na Meyerspark; ds Johan Visser van Woodlands Hill Gemeenskapskerk na Stellenberg.

WES-KAAPLAND**RINGSITTING**

Die 93ste Ringsitting van Clanwilliam vind plaas DV op 12 en 13 Sep 2021 om 17:00 by die Strandfontein VCSV kampterein. (Ds Karlien Becker, Ringskriba, 26.07.2021).

Die 52ste Ringsitting van die Ring van Namakwaland vind plaas vanaf 12-13 Sep 2021 te Aggeneys. (Annelet Slazus, 03.08.2021).

OOS-KAAPLAND**BEVESTIGING**

Ds Du Toit Wessels het op 1 Aug 2021 by NG Kerk Kraggakamma in diens getree. Hy sal op 15 Aug 2021 sy intrepreek lewer en ook in diens van die gemeente bevestig word. Hy is in 2016 by die NGK Agter-Paarl deur ds JJ Nortier in die amp bevestig en was sedertdien by die gemeente werksaam. (Niekie Oosthuizen, Gemeentebestuurder, 19.07.2021).

NOORD-KAAPLAND**EMERITAAT**

Ds JN Heymans het op 30 Junie 2021 demissie van die NG gemeente Vosburg ontvang. Hy het diens aanvaar op 1 Julie 2021 as kapelaan in SAPD. (Attie Botha, Ringvoorsitter, 27.07.2021).

VRYSTAAT**BEVESTIGING**

Ds Willem Johannes Griesel het die beroep na NG Hertzogville aanvaar. Sy bevestiging het plaasgevind op 1 Aug 2021. (Martie de Koker, Skriba, 12.07.2021).

GOUDLAND**RINGSITTING**

Die 83ste vergadering van die Ring van Lichtenburg het plaasgevind op 2 Aug 2021 by NG Lig en Lewe. (Ds GSM Enslin, Ringskriba, 12.07.2021).

NOORDELIKE**RINGSITTING**

Die 34ste gewone ringsitting van die Ring van Sesmylspruit vind plaas op Maandag, 23 Aug 2021 om 18:00 te NG Kerk-in-Suid. (Daniël de Vos, 02.08.2021).

OOSTELIKE**BEVESTIGING**

Ds Vannie Giffillan is bevestig in NG Gemeente Denesig op Sondag 1 Aug 2021.

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van Kerkbode nie.

**NG GEMEENTE POTCHEFSTROOM-VYFHOK****VAKATURE: LERAAR****GEMEENTEPROFIEL:**

- Potchefstroom-Vyfhoek is 'n voorstedelike eenmangemeente met plaaswyke geleë in die ooste van Potchefstroom in Noordwes-Provinsie en is deel van die Goudland Sinode.
- Van karakter is die gemeente sterk behoudend met Gereformeerde spiritualiteit en stel 'n hoë premie op Skrifgetroue prediking.

LERAARSPROFIEL:

In aansluiting by ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, moet die leraar ...

- Iemand wees wat die Here liefhet en 'n roeping het om in sy diens te staan.
- Entoesiasies wees oor Skrifgetroue prediking.
- Verkieslik 'n gelegitimeerde van die NG Kerk wees.
- Pastorale versorging as belangrik ag.
- Leiding kan neem en met die kerkraad en gemeente as span kan saamwerk.
- Rekenaar- en digitale media in sy bediening kan gebruik.
- Jeug kan inspireer om betrokke te wees by die kerk, maar wat ook die behoeftes van ouer mense kan aanspreek.

VERGOEDING:

- Vergoeding en byvoordele sal wees in lyn met die riglyne van die Algemene Sinode.
- 'n Behuisingstoelaag word voorsien maar 'n pastorie is ook beskikbaar.

AANSOEKE:

- Volledige CV met drie toepaslike referente (elektronies) aan die kerkkantoor.
- Geselekteerde kandidaat moet beskikbaar wees vir onderhoud in die week en 'n preekbeurt op 'n Sondag.
- Verskaf 'n skakel van 'n YouTube preek of kerkdiens. (Nie verpligtend nie)

SLUITINGSDATUM: 31 Augustus 2021.

DIENSAANVAARDING: 1 April 2022.

NAVRAE: Kerkkantoor: ngvyfhoek@gmail.com (018 290 5988).
Ouderling: Peter Schön (072 217 2426) peter46schon@gmail.com

Die kerkraad hou hom die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoek te maak nie.

13 Augustus 2021

ALGEMEEN

Emeritus van Bloemfontein is beskikbaar vir preek-beurte. Kontak ds Marius Maree by 073 541 7985.

VAKANSIE- AKKOMMODASIE

HAZYVIEW: SABAAN GASTEPLAAS: Uiters bekostigbare tariewe, 30 km vanaf Kruger Wildtuin. Op Panorama Roete by God's Window, Blyde Canyon. Skakel 071 545 0155 of e-pos bookings@sabaan.co.za

HERMANUS: SPESIALE AANBOD AUG EN SEP 2021. R3 550 per nag vir maksimum 8 mense (min 3 nagte) – 4 slaapkamers, 3 badkamers en ruim leefareas. Tariewe: OKT / NOV – R5 100 p/n. DES – R6 300 p/n. Skakel Heidi 082 561 1271.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL – 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

UVONGO: Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietsplek.com



Die kerkraad van **NG St Helena, Welkom** wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

VAKATURE: VASTETERMYNPOS

Gemeenteprofiel:

Welkom is 'n plattelandse stad in die Vrystaat met 'n landelike inslag. Grotendeels bestaan die gemeenskap uit ouer lidmate sowel as ekonomies aktiewe lidmate gerugsteun deur landbou-aktiwiteite. Die gemeente bestaan uit ongeveer 290 belydende en 59 dooplidmate.

Leraarsprofiel:

'n Leraar vlak een tot vier van die NG Kerk wat begrip en liefde toon vir 'n plattelandse gemeenskap se unieke behoeftes en omstandighede.

Pligte:

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.
- Oortuig wees van die roeping van die Here om as leraar diensbaar te wees in die gemeente.
- Skrifgetroue Woordverkondiging doen, geheg wees aan die gereformeerde leer en belydenisskrifte van die kerk.
- 'n Hart hê vir die aktiewe bediening met die doel om 'n verskil te maak in ons gemeenskap, gemaklik wees met huisbesoek en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewenstadiums.
- 'n Passie hê vir die bediening van die Woord aan ons ouer lidmate, jeug en jongmense in die gemeente.
- Beskik oor leierseenskappe om die gemeente in alle fasette (erediens, kategorie, Bybelstudie, gemeentelike bedieninge, ens) te laat groei en betrokke wees by die organisering van funksies en basaars.

Vergoeding en voordele:

'n Vergoedingspakket binne die raamwerk van die sinodale skaal word aangebied, verkieslik met die ondervinding gepaardgaande met 'n vlak een tot vier vergoeding. Die volledige vergoedingspakket, wat 'n ruim pastorie insluit, sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

'n Volledige CV met persoonlike besonderhede, onlangse foto, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente te stuur aan: ngsthelena@telkomsa.net

Sluitingsdatum: 30 September 2021.

Navrae:

Johan Botha
Gerrie Groenewald

082 440 1387 (Leierouderling)
083 284 2498 (Onderleierouderling)

Thys Strydom 082 569 2416 (Finansies)
Skriba: Hettie Speller Burls 057 352 4616

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG GEMEENTE VAALWATER

Vakature: Deeltydse leraar

Hiermee word 'n deeltydse predikantspos (onbepaalde termyn) in die NG Gemeente Vaalwater bekend gestel.

GEMEENTEPROFIEL: Vaalwater is 'n klein plattelandse gemeente in die Noordelike Sinode. Die gemeente is geleë in die Waterberge, tussen Modimolle (±60 km) en Le-phalale (±90 km). 'n Groot deel van die gemeente is aan boerdery (saai, beeste, wild) verbonde. Daar is 175 belydende en 45 dooplidmate wat verdeel is in nege plaaswyke en een dorpswyk. 'n Meer volledige profiel kan by die kerkkantoor aangevra word.

LERAARSPROFIEL:

- 'n Gelegitimeerde predikant van die NG Kerk wat geroepe voel om die gemeente op te bou tot 'n aktiewe dienende gemeente.
- Die aansoeker moet 'n aanvoeling hê vir die plattelandse bediening en meelewend wees in die wyer gemeenskap.
- Iemand wat begrip het vir die uitdagings wat die landbou hedendaags beleef en die invloed daarvan op lidmate en die totale gemeenskap.
- Samewerking met alle bedieninge is belangrik.
- Iemand vir wie veral huisbesoeke en ander pastorale besoeke belangrik is.
- 'n Persoon wat maklik kan kommunikeer, buitekerklikes kan identifiseer, en hulle laat welkom voel en aanmoedig om deel van die gemeente te wees.
- Gemaklik in die gebruik van multimedia, nl klanksisteem, projektor, rekenaarvaardigheid tydens eredienste en ander sosiale platforms om die prediking en gemeentelike-aktiwiteite te ondersteun en te bevorder.
- Finalejaar teologiese studente is ook welkom om aansoek te doen, aangesien die aanstelling van 'n leraar eers na afloop van legitimasie van studente sal plaasvind.

PLIGTE:

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.

VERGOEDING EN VOORDELE:

- Skaal 1 – wat jaarliks onderhandelbaar is.
- Behuising, vervoer en ander byvoordele sal tydens die onderhoud onderhandel word.

AANSOEK:

- Aansoeke kan per e-pos gestuur word na kantoor@vaalwater.ng.org.za MET die kontakbesonderhede van drie referente.
- Kandidate wat die kortlys haal sal versoek word om 'n skakel na 'n aanlyn/YouTube preek te verskaf.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.
- 'n Onlangse foto van die aansoeker en sy/haar gesin is opsioneel, maar sal waardeer word.

SLUITINGSDATUM: 14 September 2021.

DIENSAANVAARDING: 2 Januarie 2022 of soos onderhandel.

NAVRAE:

- Kerkkantoor (08:00-12:00): 014 755 3702.
- Saakgelastigde: 084 325 5361.
- Voorsitter van die kerkraad: Hennie van Eeden 078 018 0189.
- Leraar: Dr Terence Cooke 082 775 9570.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.



NG KERK KRAAIFONTEIN

VAKATURE: VASTETERMYNPOS 20 uur per week (1/2-dag pos) tot 30 Junie 2022

Gemeenteprofiel:

- Kraaifontein-gemeente is 'n multikulturele gemeenskap geleë in die noordelike voorstede van Kaapstad. Ons resorteer binne die Ring van Durbanville.
- Die gemeente bestaan uit ongeveer 283 belydende en 30 dooplidmate.
- Die gemeente bestaan grootliks uit afgetrede persone. 'n Aftreëoord is geleë binne die grense van die gemeente.

Leraarsprofiel:

Gelegitimeerdes van die NG Kerk wat ampspligte sal nakom soos omskryf, met Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn:

- Skrifgetroue Woordverkondiging.
- Iemand met 'n gawe vir pastorale versorging (huisbesoeke is belangrik).
- Goeie menseverhoudinge om in 'n multikulturele omgewing die gemeente te kan uitbou.
- Iemand wat maklik kan kommunikeer en buitekerklikes kan laat welkom voel en aanmoedig om deel van die gemeente te wees.
- Samewerking met ander Christelike geloofsgemeenskappe is belangrik.
- Rekenaarvaardigheid sal in die aansoeker se guns tel.
- Gemaklik in die gebruik van multimedia om die prediking en gemeente-aktiwiteite te ondersteun.

Ampspligte:

1. Aanbied van eredienste op Sondag.
2. Pastorale, sieke- en huisbesoeke doen.
3. Die lei van weeklikse kleingroepbyeenkomste.
4. Beskikbaar wees vir begraffnisse en huwelikeremonies.
5. Verdere pligte soos omskryf en ooreengekom met die gemeenteraad.

Vergoeding:

- Ons bied 'n vergoedingspakket van R16 000 (bruto) per maand aan. Pligte en diensure sal dienooreenkomstig proporsioneel onderhandel word.
- Die pakket sluit geen byvoordele in nie.
- Behuisings- en/of reistoelaag onderhandelbaar.

Aansoekprosedure:

- Belangstellendes kan 'n kort CV (nie meer as vier bladsye) per e-pos stuur aan: ngkerkkraaifontein@telkomsa.net
- Die Pre-advies/Gemeenteraad behou die reg voor om self ook inligting aangaande die aansoeker in te win.
- Kandidate wat oorweeg word, kan genooi word vir onderhoud, preekbeurt of om 'n skakel na 'n aanlyn/YouTube preek te verskaf.

Sluitingsdatum: 20 Augustus 2021.

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik na die nodige prosesse voltooi is.

Telefoniese navrae:

- Anne-Marie Judeel (Skriba) 021 988 7290.
- Louis Bignaut (Gemeenteraadvoorsitter) 082 552 1372.

Die gemeenteraad behou die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak uit die aansoeke wat ontvang is nie.

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



'In daardie tyd het sy Job gelees ... slegs Job vir omtrent 'n jaar'

In Philippolis se hoofstraat beduie die bordjie: Jobhuis. Ek draai daar af. Het al van die plek gelees. Dink dis 'n kunsgalery.

In die volgende straatblok, op linkerkant, is die ou Vrystaatse dorpshuis met die spitsdak en die breë voorstoep. Vreemde naam: Die Jobhuis. Ek hou daar stil.

Die voordeur is oop en 'n vrou kom nader. Rina Coetzee, 'n skilder en grafiese ontwerper, wat al jare op die dorp woon. Ons begin gesels en dit voel of dit presies is waar ek nou moet wees.

Sy het die skilderye wat in die huis hang geskilder toe sy 'n klompie jare gelede in die greep van erge depressie was, vertel Rina. In daardie tyd het sy die boek Job in die Bybel gelees. Slegs Job vir omtrent 'n jaar lank. Sy was as 't ware op haar eie Jobsreis.

"Ken jy depressie?" Sy kyk my in die oë.

Ek knik. Ek voel juis weer die donker kom. Covid-19, die land, die alles.

"Ek wou vir maande niks met niemand te doene hê nie." Rina se stem is sag. "Iemand moes nie eens vir my vra hoe dit gaan nie. Ek kry eintlik skaam, ek

was baie ongeskik met mense. Party het vir my gesê: 'Ruk jou net reg, Rina.' Dit is mos wat hulle vir jou sê wanneer jy depressief is. Hoe kan jy jouself net regruk? Toe begin ek skilder wat ek voel. Snags. Ek het bedags my grafiese ontwerp-werk gedoen en snags geskilder."

Sy het 25 skilderye geskilder, elkeen 'n soort weerspieëling van haar Jobsreis. Sy het dit vir lank in 'n kamer in haar huis gehou, totdat 'n vriendin, Retha du Plessis, ook hier van Philippolis, haar oortuig het om die skilderye met almal te deel.

Sy en Retha het al by meer as een geleentheid op uitnodiging die skilderye in Retha se bakkie gelaai en na gemeentes op ander dorpe gery. Die predikant preek die Sondag dan oor Job en die skilderye word ten toon gestel.

Maar op die oomblik hang die skilderye permanent in hierdie ou huis wat gerestoureer en as 'n galery ingerig is.

"Wil jy daarna kyk?" Rina wys die huis in. Buite in die bome raas voëls.

Ek lees self van tyd tot tyd die boek Job. Job, die ryk man van Us, vroom en godvresend. Maar dan is daar 'n gesprek tussen God en Satan. Satan daag God

uit om Job te beproef, want Satan redeneer Job is vroom en dien God net omdat dit goed met hom gaan.

Dan gee God aan Satan die geleentheid om Job te toets.

Ek stap in die gang af. Rina stap nie saam nie. Al 25 skilderye hang in een groot vertrek. Dit is moderne kuns. Abstrak. Ek probeer woorde vind vir wat ek sien. 'n Hek, rotse, klippe, tonnells. Iemand wat vasgevang is. Die onheil tref Job. Hy verloor al sy aardse besittings en sy kinders sterf. Job se swaarpad is 'n alleenpad.

Erge depressie kan 'n alleenpad wees. Rina beeld dit ook so uit. Jy sink in jouself af. Jou donker gevoelens word 'n soort bril waardeur jy na alles kyk. Jy is vermoeid en belas en voel nutteloos. 'n Onsigbare gordyn skuif tussen jou en ander in. Jy raak gou angstig.

"One dreads the loss of all things, all people close and dear. There is an acute fear of abandonment," onthou ek weer die Amerikaanse skrywer, William Styron, se beskrywing van depressie terwyl ek van skildery na skildery stap.

Is dit nie ook gevoelens wat Job aan die begin van sy beproewing ervaar nie?

Job se drie vriende, Elifas, Bildad en Sofar, besoek hom. Eers swyg hulle toe hulle Job se lyding sien, maar toe begin hulle vir hom verklaar waarom alles met hom gebeur. Hulle berispe en veroordeel hom en probeer hom vertel wat om te doen.

'n Mens ken sulke Elifasse, Bildads en Sofars. Dit is hulle wat sê: "Ruk jou net reg!" wanneer jy lamgelê is deur depressie. Dit is hulle wat jou wil laat verstaan jou depressie is God wat jou wil straf vir jou sonde, bekeer jou, of laat dryf daardie demoon uit jou uit of laat jou weer doop, en jy sal verlos daarvan wees. Dis ook hulle wat sê iemand wat sy of haar eie lewe geneem het, gaan hel toe. Asof depressie iets met boosheid te doen het.

Ek gaan sit op een van die stoele in die middel van die vertrek. Elkeen sal iets anders in Rina se skilderye sien, anders aangeraak word. Vir party sal dit glad nie sin maak nie.

Rina het intussen musiek aangesit. Klink na Bach. Dit voel nou meer of jy in 'n kapelletjie as 'n kunsgalery is. Kuns kan ook kerk wees, soos nou, hiër op hierdie dorpie in die Vrystaat.

Later kom staan Rina by my. Sy vertel van 'n vrou van Kleinmond wat al vier keer hier was. 'n Ander vrou het een oggend kwart oor ses hier aangekom en Rina mooi gevra om vir haar oop te sluit. Mense staan hier en huil. "Dankie vir hierdie rigtingwyser op ons weg van seer, vergifnis en heling," skryf iemand in die besoekersboek.

"'n Mens besef nie hoeveel mense kry emosioneel baie swaar op dié oomblik nie," sê Rina. "Ek sê iemand wat hier moet kom, sal hier kom."

Op pad uit val my oog weer op die laaste van Rina se skilderye: drie figure wat uitrek na bo en 'n helder son – 'n soort bevryding. Job wat sê: "Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie."

Haar bevryding van haar diep innerlike donkertes het Rina gekry deur met Job te worstel en hierdie te skilder. Ander mense se Jobsreis is anders. Sy stap saam met my buitetoeg. Ek voel ligter, maar ek moet ry. Ek het nog 'n lang pad voor my.

Rina bly voor die huis staan en waai vir my toe ek wegry – 'n dapper vrou in die helder son.



Rina Coetzee in die lokaal waar haar skilderye uitgestal word.

Foto: Dana Snyman